

AD 2021/12.2.3

Vor III

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

APPEAL DIVISION

pp. 200 - 319

In the matter between:-

RENFREW LESLIE CHRISTIE

Appellant

-and-

THE STATE

Respondent

A P P E A L

AGAINST THE CONVICTION AND SENTENCE DELIVERED BY
THE HONOURABLE MR. JUSTICE ELOFF IN THE SUPREME
COURT OF SOUTH AFRICA (TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

ON 6 JUNE 1980

ON BEHALF OF APPELLANT

Mr. R. Tucker
10th Floor
National Board House
94, Pritchard Street
JOHANNESBURG.

Israel & Sapirstein
E.P. Building
Maitland Street
BLOEMFONTEIN.

ON BEHALF OF RESPONDENT

The Attorney-General
Supreme Court
PRETORIA.

The Attorney-General
Supreme Court
BLOEMFONTEIN

VOLUME 3

PAGES 200 - 319

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

In the matter of:

THE STATE

versus

RENFREW LESLIE CHRISTIE

I N D E X

VOLUME 3

Item:

Page:

RULING 200 - 203

The State leads further evidence on Events in

Cape Town:

Major J.C. Broodryk 204 - 218

Discussion between Mr. Wentzel and the Court 218 - 219

Lieutenant J.L. Visser 219 - 232

Warrant Officer H.J. van der Hoven 233 - 242

Detective Warrant Officer J.P.F. Van Wyk 242 - 262

Colonel Goosen 262 - 265

Constable D. Vermeulen 265 - 278

Mr. Wentzel addresses Court re Occurrence Register

at the Caledon Square Police Station 278 - 279

RULING 280

END OF TRIAL WITHIN A TRIAL.

EVIDENCE FOR THE STATE CONTINUED:

Major D.J. Le Roux 281 - 300

Mr. W.R.D. Muller 300 - 301

Lieutenant/..

<u>Item</u>	<u>Page</u>
Lieutenant J.L. Visser	301 - 303
Lieutenant D. Greyling	303 - 309
<u>Mr. Engelbrecht and Mr. Wentzel address</u>	
Court	309 - 310

Captain C.M. Williamson 310 - 319

It was accordingly submitted that the admission of a statement made to him would be challenged. Le Roux's evidence was accordingly confined to the events to which he was party which led to the statement being made.

In regard to the Ruling which I am now required to make, that is, whether the State should be allowed to lead evidence in rebuttal of what the Accused said when giving evidence, it is relevant to have regard to certain questions put to the Accused by Le Roux and the replies thereto.

The first of these, was whether the Accused understood the customary warning given by Le Roux, and the Accused replied in the affirmative.

He who next asked whether he had been assaulted or threatened with assault and he replied that while in Cape Town, he had been forced to stand all night and he had become very tired, and his feet had become swollen and sore. But he added that he had not been ill-treated or assaulted in any way.

He was asked if he had previously made a statement and if so, why he wished to repeat it, and he replied that he wished to add details to it. He also said that he was going to make a statement to Le Roux so that the interrogation would not be prolonged and so as to avoid the arrest of innocent parties.

During the cross-examination of Le Roux, it was not suggested that any impropriety at Cape Town had played a role in the decision of the Accused to make a statement to Le Roux or that that had been put to Le Roux by the Accused.

THE COURT RESUMES ON 22 MAY 1980.

R U L I N G

BY THE COURT: At this stage of the proceedings I am concerned with the dispute whether a statement made by the Accused to the witness, Major Le Roux is admissible or not. While Le Roux was giving evidence it was intimated that the admissibility of a statement made to him would be challenged. Le Roux's evidence was accordingly confined to the events to which he was party which led to the statement being made.

In regard to the Ruling which I am now required to make, (10) that is, whether the State should be allowed to lead evidence in rebuttal of what the Accused said when giving evidence, it is relevant to have regard to certain questions put to the Accused (10) by Le Roux and the replies thereto.

The first of these, was whether the Accused understood the customary warning given by Le Roux, and the Accused replied in the affirmative.

He was next asked whether he had been assaulted or threatened with assault and he replied that while in Cape Town, he had been forced to stand all night and he had become very tired, and his (20) feet had become swollen and sore. But he added that he had not been ill-treated or assaulted in any way.

He was asked if he had previously made a statement and if (20) so, why he wished to repeat it, and he replied that he wished to add details to it. He also said that he was going to make a statement to Le Roux so that the interrogation would not be prolonged and so as to avoid the arrest of innocent parties.

During the cross-examination of Le Roux, it was not suggested that any impropriety at Cape Town had played a role in the decision of the Accused to make a statement to Le Roux or that that had (30) been put to Le Roux by the Accused.

Evidence was next led by the State of a number of police officers who played a role in the history of the matter commencing with the arrival of the Accused at Jan Smuts airport and ending with his being taken to Le Roux. Of importance was Lieutenant Greyling, who said that he was the investigating officer and his superior, Major Cronwright who was also concerned with the investigation of the matter.

It was part of the police evidence that it was put to the Accused that the statement which he had made at Cape Town to one Acker was not clear and that the Accused had said that he would make a further statement by way of explanation. He was given a choice of making the further statement to a Justice of the Peace or a Magistrate and he chose to make it to a Justice of the Peace. (10)

Now when Greyling and Cronwright were cross-examined, it was not suggested that the Accused had been influenced by certain matters to which I shall presently refer which emerge from his evidence.

Evidence was also led of a District Surgeon who examined the Accused soon after his arrival at Johannesburg.

The Accused then gave evidence and started with his arrest. (20) He dealt with a number of circumstances surrounding his arrest and subsequent treatment, while in Cape Town which he said had led to his making the statement then to Acker. He did so in fair detail. He dealt with the search of his flat for books and documents without a warrant. He said that at Caledon Square he was taken to a room where he was required to take up position with his back to a window. He said that he was asked to sit but was told that he might not do so. He said that he observed that his interrogators were armed. He was told not to walk up and down while being interrogated. When he endeavoured to

sit/..

sit down on the table in the room he was told that he might not do so. He said that he was warned that he was obliged to answer questions. He was told that he would remain standing until he had said what his interrogators wanted to hear. He said that he was told by his interrogators that he, the interrogator was the odd-job boy, and if he, the Accused were to sit down, he would pick him up. He was also told: Talk now, they all talk in the end, save yourself the inconvenience. At one stage he said that a person who was apparently nick-named "Spyker" arrived on the scene and he recalled that this person had a reputation for aggressive interrogation. He said when he had completed one page of his statement he was told that it had better be the truth otherwise he would be standing again. He was also told that if he did not sign his statement, a large number of persons and friends listed in his address-book would be arrested and he said that after he had completed his statement he was told: It had better be the truth or an unhappy consequence would ensue.

He was also told by the police officer that he had committed treason and the police officer would hang him.

Having dealt with all these matters he described how eventually he found himself in Johannesburg where he received the attention of a completely new set of security police.

They drew attention to what was described as "lack of clarity" in his Cape Town statement. He expressed his willingness to make a further statement and was to that end taken to Le Roux.

When required to say in evidence what induced him to make a statement to a Justice of the Peace the Accused said that a number of factors played a role. He was fearful of the prolonging of further interrogation. He was influenced by the remark in Cape Town to speak the truth. He feared that further molestation would take place, that he might be required to stand again. He

bore/..

bore in mind the uncouth remark given in Cape Town that his statement had better be the truth.

The State claims that it is in regard to these allegations that the need arises to lead evidence in rebuttal. The test of whether it should be allowed to do so is whether it could reasonably have foreseen that these matters would be raised and would be relevant.

Now experience in this type of inquiry tells one that it is difficult at the outset to decide where the history starts or where it should start. It is frequently only when the Accused has given evidence that clarity emerges of what is relevant or what not. I can imagine that that difficulty became compounded in the present case where there was a lapse of a few days after the interrogation in Cape Town and the advent in Johannesburg.

There is also the feature that a completely new set of police took over in Johannesburg. Of great importance is that it does not appear, as I understand the evidence, that all the factors which the Accused says motivated him to make a statement in Johannesburg were mentioned to Le Roux.

I accordingly think that the State cannot be faulted for using the arrival of the Accused in Johannesburg as a starting point of the history for the purpose of leading evidence.

I accordingly think that I should accede to the request of the State to lead further evidence as to the events in Cape Town.

In hier — Indat ons bewindspersoon is, dat ons die woonstel van die beschuldigde deurstaan. Na sienhou dat ek vir die beschuldigde gevra het of daar volgens-his in hier voornamlik is wat ons op elke-tyd in ons on-Engelse huis is by ons en my moet 'nsooi. Ek het die beschuldigde gevra om nie voor te loop in die woonstel nie maar te loop by ons huis nie die plek bewoon nie dat ons vir hom 'n ver-
houding hou nie indien daar iets is wat ons gevrag sou het by

MNR. ENGELBRECHT ROEP KOLONEL BROODRYK.

JOHANNES CHRISTOFFEL BROODRYK, verklaar onder eed:

ONDERVRAGING DEUR MNR. ENGELBRECHT: U is 'n kolonel in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidshoofkwartier hier in Pretoria. -- Korrek, U Edele.

En was u in bevel van die ondersoek teen die beskuldigde op 'n stadium? -- Dit is so, U Edele.

Nou, op die 23ste Oktober 1979 was u daardie dag in Kaapstad? -- Dit is korrek, U Edele.

En het u daardie dag ook gegaan na die beskuldigde se woonstel? -- Korrek, U Edele. (10)

Hoe laat het u daar gearriveer? -- Ongeveer 4 nm. U Edele.

Nou kolonel, kan u net vir Sy Edele sê wat het u daar gevind op u aankoms by die woonstel? -- Toe ek by die woonstel arriveer het U Edele, het ek luitenant Visser en die beskuldigde daar aangetref. Luitenant Visser het ongeveer 'n half uur voor my by die beskuldigde se woonstel gearriveer. Luitenant Visser het die beskuldigde in die sitkamer van die woonstel aan my bekendgestel.

Kolonel, kan ek u net vra: Was luitenant Visser alleen met (20) die beskuldigde daar? -- Nee, daar was ander lede ook gewees U Edele, die wat my vergesel het van die kantoor af na die woonstel toe is kolonel Goosen en kolonel Kotze van Kaapstad. Daar was ander lede ook alreeds in die woonstel toe ons daar arriveer het.

En toe? -- Nadat ons bekendgestel is, het ons die woonstel van die beskuldigde deursoek. Ek onthou dat ek vir die beskuldigde gevra het of daar enige iets in die woonstel is wat nie sy eiendom is nie en indien daar is hy dit aan my moet toon. Ek het die beskuldigde gevra om nie rond te loop in die woonstel nie maar te bly by ons waar ons die plek deursoek sodat ons vir hom 'n verduideliking kan vra indien daar iets is wat ons graag wou hê hy (30)

moet verduidelik. Die plek was deursoek gewees.

Nou kolonel hoe is dit deursoek. Sal u eers so sê: Uit hoeveel kamers bestaan die woonstel? -- U Edele, dit is 'n normale grootte woonstel met 'n sitkamer, 'n slaapkamer, badkamer, kombuis 'n studeerkamer waar ek vermoed daar was 'n bed in die studeerkamer.

In elk geval dit is verskillende vertrekke? -- Verskillende vertrekke, U Edele.

Nou is al die vertrekke tegelyk deursoek of..? -- Ek het in die studeerkamer by die boekrak begin soek U Edele en ek het die beskuldigde gevra om by my in die studeerkamer te bly. (10)

Ja, en toe, en wat het die ander lede terwyl u daar deursoek? -- Die ander lede was in die woonstel gewees, ek weet nie presies wat in die ander kamers gebeur het nie maar hulle was daar gewees in die woonstel.

Gaan maar voort. -- Nadat die woonstel deursoek is het ons terugvertrek na Caledon-plein, waar die beskuldigde na die Veiligheidskantore geneem is.

Hoe laat het u daar by die Veiligheidskantore arriveer? -- U Edele, dit was reeds na kantoorure, ek sou sê so tussen 5 en 6 moontlik half-ses se kant gewees. (20)

Ja, en toe? -- Ek het aan luitenant Visser opdrag gegee om die beskuldigde na die aanklagkantoor te neem en vir sy aanhouding te reël en te sorg dat hy kos kry. Daarna het ek en kolonel Goosen gaan aandete geniet. By my terugkoms na aandete het ek die beskuldigde weer in die Veiligheidskantore aangetref waar hy gesit en eet het. Ek het toe vir luitenant Visser-hulle gesê dat hulle kan maar gaan aandete geniet aangesien hulle nog nie geëet het nie. Ek het toe met die beskuldigde gesit en gesels in die kantoor totdat luitenant Visser teruggekom het waarop ek en kolonel Goosen toe die vertrek verlaat het. Ek het op daardie stadium het ek gaan slaap, U Edele. Die volgende dag, dit is die (30)

24ste dit is die Woensdagoggend het ek weer na die kantore gegaan en teen ongeveer 8.30 voormiddag het ek na die kantore gegaan waar die ondersoekafdeling gehuisves word. Ek het luitenant Visser weer in sy kantoor aangetref. Hy het 'n rapport aan my gemaak tot die effek..(tussenbei).

Ja, ons wil nie weet staan daarin nie. Hy het net 'n rapport aan u gemaak. Wat het u toe gedoen? -- Ek het na 'n ander kantoor gegaan in dieselfde gang, die deur was oop. Ek het by die deur ingeloer en gesien dat die beskuldigde by 'n tafel sit en skrywe. Hy was alleen in die kantoor. Ek het nie met hom gepraat nie en (10) ek glo ook nie hy was bewus dat ek by die kantoor ingeloer het nie. Ek het omgedraai en weer besig geraak in 'n ander kantoor en teen ongeveer 10.30 het ek weer na die kantoor gegaan waar die beskuldigde gesit het. Ek het die verklaring by hom geneem en die verklaring wat hy self uitgeskryf het, gelees. Nadat ek die verklaring gelees het het ek twee bruin koeverte wat geadresseer was aan C. Needham, en geadresseer was aan 'n adres in London, aan die beskuldigde getoon. Die beskuldigde was..(tussenbei). Foll
was
and

Kolonel sal u net kyk na BEWYSSTUK DD en CC. -- Dit is die twee koeverte U Edele. Ek het die twee koeverte voor hom (20) geplaas, hy was vir 'n oomblik stomgeslaan. Hy het vir 'n oomblik sy kop laat hang en aan my gevra: Waar het jy die koeverte gekry? Ek het hom nie geantwoord nie en vir hom gesê: Ek hoop jy besef dat jy nou die waarheid moet skrywe of vertel en dat dit jou nie sal help om verder weg te skram nie. Die beskuldigde - ek het 'n oomblik by hom nog vertoef en daarna het hy weer begin te skrywe - dit was toe ongeveer so 11.15 U Edele. Ek het weer uit die kantoor uitgegaan, die beskuldigde weer allenig gelaat in die kantoor en 'n rukkie later het ek teruggegaan na hom toe. Teen daardie tyd het hy weer 'n bladsy of twee geskrywe maar hy was klaar met sy (30) verklaring wat ek natuurlik gelees het weer. Ek het aan die beskuldigde/..

beskuldigde gevra of hy bereid is om die verklaring te herhaal voor 'n Landdros waarop hy bevestigend geantwoord het. Ek het na die ander kantoor gegaan en aan luitenant Visser opdrag gegee om te reël dat die beskuldigde na 'n Landdros geneem word. 'n Rukkie later het luitenant Visser aan my gesê..(tussenbei).

Was geen Landdros beskikbaar nie. -- Dat daar geen Landdros op die oomblik beskikbaar is nie. Daarna het ek vir luitenant Visser gesê dat hy moet reël dat 'n senior polisie offisier wat nie verbonde is aan die Veiligheidstak, die verklaring moet afneem. Hy het die nodige reëlings getref. Luitenant Acker wat aan my (10 onbekend was op daardie stadium..(tussenbei).

Majoor Acker. -- Majoor Acker het na die kantore gekom, hy is gehuisves in 'n ander gebou, sy kantoor is nie in dieselfde gebou nie. Ek het met hom gepraat en vir homverduidelik wat het gebeur. En ek het my onttrek aan die ondersoek.

Het u met die beskuldigde gepraat nadat hierdie boodskap gekry is dat geen Landdros beskikbaar is nie? -- Ek het met die beskuldigde gepraat U Edele, ek het aan hom verduidelik sy regte aan hom verduidelik en hy was heeltemal tevrede om die verklaring voor 'n polisie offisier af te lê. Hy het geen beswaar gehad nie. (20

En u sê die reëlings is toe getref en u het u onttrek. -- Ek het my onttrek toe op daardie stadium.

Het u toe daarna, nadat hy teruggekom het van Majoor Acker, enige iets verder met die beskuldigde te doen gehad? -- Dit was die Woensdagmiddag. Nee, U Edele, ek het nie weer verder met hom 'n onderhoud gevoer nie maar wel die volgende dag, die Donderdagoggend.

En wat het die Donderdag gebeur? -- U Edele, ek het 'n blou "stencil" en 'n bankstaat aan die beskuldigde getoon.

Ek dink nie ons het - ek dink nie dit is van enige - by (30 hierdie wat ons nou het nie. Kolonel, hy is toe later - of hy is later/..

later die dag toe per vliegtuig na Johannesburg gebring? -- Die Donderdag is die beskuldigde saam met kolonel Goosen na Johannesburg oorgeplaas U Edele. Ekself het in Kaapstad agtergebly.

Kolonel, het u enigsins dreigemente teenoor die beskuldigde gevitter, op enige stadium voor of na die verklaring gemaak is. -- Nee, U Edele ek het die beskuldigde glad nie gedreig of onbehoorlik opgetree teenoor die beskuldigde nie.

Weet u van enige woorde tot die effek dat hy beter die waarheid praat anders gaan hy kak? -- Ek verwerp dit met minagting U Edele. (10)

Weet u van woorde wat kolonel Goosen sou gevitter het tot die effek dat wat hy gedoen het hoogverraad is en hy daarvoor gehang kan word? -- U Edele, kolonel Goosen en ek was vir die meeste van die tyd terwyl luitenant Visser en die ander lede aandete gaan geniet het, in die kantoor gewees. Ek het nooit dit gehoor nie.

Dit is nou voor of na die verklaring maar op enige stadium van sy arrestasie totdat hy weggeneem is Johannesburg toe? -- Ek het dit nooit gehoor nie U Edele.

Kolonel, weet u of die beskuldigde meegeleel is onder watter wetsbepaling hy aangehou word? -- U Edele, nadat ons in die Veiligheidskantore arriveer het vanaf sy woonstel, het ek aan luitenant Visser gesê: Gaan hou die beskuldigde aan, neem hom na die klagtekantoor, hou hom aan ingevolge die Strafproseswet, dit is die gewone 48 uur, dit is Artikel 50(1) en sorg dat hy aandete kry. (19)

Was die beskuldigde by toe u dit gesê het? -- Hy was by maar ek het nie saam klagtekantoor toe gegaan nie, maar wat geskryf is staan natuurlik in die Voorvalleboek.

En was daar op enige stadium sprake dat - in Kaapstad dat hy ingevolge Artikel 6 aangehou word? -- Daar was nooit sprake gewees nie, U Edele. (30)

En/..

En weet u of die beskuldigde op enige stadium verstaan - in die Kaap gesê het, woorde tot die effek: As hy nog enige iets moet sê sal hy dit doen? -- Nee U Edele dit was nie aan my gestel gewees nie ek dra nie kennis daarvan nie.

CROSS-EXAMINATION BY MR. WENTZEL: Thank you, M'Lord. May I question you in English? -- Ek sal verkies dat die advokaat sy vrae in Afrikaans aan my stel U Edele.

Dan sal ek maar die vrae vir u in Afrikaans stel kolonel alhoewel ons ken mekaar vir die laaste 20 jare en nooit in Afrikaans met mekaar gesels het nie. Is dit nie so nie? -- Dit is korrek (10 dat ons mekaar baie jare ken maar dit is my eerste taal U Edele.

Ja. Wel, ek gee nie om nie kolonel. -- Dankie, U Edele.

Kolonel, toe die beskuldigde gearresteerd was in Kaapstad, wie het die besluit geneem om hom te arresteer? -- U Edele, nadat ons die woonstel deursoek het het ek opdrag gegee dat die beskuldigde aangehou moet word en dat ons moet terugkeer na die kantore te Caledon-plein.

Was dit 'n arrestasie gewees? -- Dit was 'n arrestasie gewees.

Onder watter wet? -- Ek het reeds gesê dat hy aangehou word ingevolge Artikel 50 U Edele, van die Strafproseswet. (20)

Ja, dit is 'n arrestasie, nie 'n kwessie van aanhouding nie, dit is arrestasie. -- Dis arrestasie Ja, Edele.

Volgens die bepalings van die Wet. -- Korrek, U Edele.

En wat was die misdryf? -- U Edele, luitenant Visser was reeds voor my op die toneel hy het seker ongeveer 'n half uur voor my by die woonstel arriveer. Toe ek daar aankom het hy alreeds met die beskuldigde gepraat en die doel van sy besoek aan hom verduidelik.

Ja, dit is sy rapport wat hy aan u gemaak het. Maar al wat ek gevra het was dit: Wat was die misdryf volgens Artikel 50? (30) -- U Edele, op daardie stadium het ons vermoed dat die beskuldigde kontak/..

kontak gehad het met die..(tussenbei).

Nee, ek praat nie van die besonderhede daarvan: Sê vir ons net wat was die misdryf, onder watter Wet? -- Die Wet op Binnelandse Veiligheid, U Edele.

Die Wet op Binnelandse Veiligheid, watter Artikel? -- Artikel 11 U Edele.

Watter besondere Artikel, subartikel van Artikel 11? -- Deurdat hy die aktiwiteite van 'n verbode organisasie bevorder het. Te wete die ANC.

Dit was nou - dit is nou die misdryf? -- Dit is korrek, U (10 Edele.

En is daar melding daarvan gemaak in die boek by Caledon-plein deur Luitenant Visser, is daar? -- Ek was nie by nie maar dit sal moontlik so wees U Edele.

Dit kan nie moontlik wees nie kolonel, u was in bevel van die saak u het die beskuldigde laat arresteer, onder Artikel 50 van die Strafproseswet u het 'n besondere misdryf in gedagte gehad en u het opdrag aan luitenant Visser gegee om die beskuldigde te laat inboek by Caledon-plein. Watter misdryf was daar in die boek? -- Die wat ek nou genoem het U Edele. (20)

Is dit so? -- Ek was nie by nie, ek meen dit mag so genotuleer wees.

Ja. Daar kon nie 'n ander misdryf in die boek ingeskryf word nie? -- Ek glo nie U Edele, want dit was my opdrag gewees. Die boeke is natuurlik beskikbaar indien die Hof daarna wil kyk. (25)

Natuurlik maar so, ja natuurlik maar so. Die Hof ken dit. Baie goed, dankie. Nou kolonel, wanneer was hy arresteer? Tot by watter stadium toe u daar aangekom het, was hy wel arresteer. -- U Edele, toe ek by die woonstel aangekom het ongeveer 4 nm. was hy alreeds in hegtenis gewees want luitenant Visser het (30 alreeds met hom gesprek.

En/..

En het luitenant Visser vir die beskuldigde gearresteer?

-- Ja, dit is so, U Edele.

En 'n rapport daarvan gemaak aan u? -- Dit is korrek, U Edele.

En hy het melding daarvan gemaak van die misdryf aan u in die rapport wat hy gemaak het. -- Dit is korrek U Edele.

In ander woorde dit was sy besluit gewees nie joune nie. -- U Edele hy was bewus gewees van die ondersoek gewees voordat ons soontoe gegaan het was hy reeds bewus van die ondersoek wat teen die beskuldigde ingestel is. (10)

Wanneer het u in Kaapstad gearriveer voor die arrestasie van..(tussenbei). -- Die Dinsdagoggend Edele, die is die 23ste Julie.

Het u 'n lasbrief uitgereik? -- Nee, daar was nie 'n lasbrief nie Edele.

Nie vir visentering nie? -- Nee, U Edele.

En nie vir arrestasie nie? -- Nee, dit is korrek, U Edele.

Hoe lank was die beskuldigde onder arrestasie volgens die bepalings van die Strafproseswet, Artikel 50? -- Tot en met Donderdagoggend, dit sal wees die 25ste Julie, U Edele. (20)

Hoe laat? -- Verskoon tog?

Hoe laat kolonel op die Donderdagoggend? -- U Edele daar was 'n verslag aan hoofkantoor gedoen toe daar formeel aansoek gedoen is om die beskuldigde aan te hou in terme van Artikel 22, ek het nie daarna gekyk nie maar dit sal so ongeveer 12 middag op die 25ste gewees het. Ongeveer, ek is nie baie seker daarvan nie.

En die magtiging van hoofkwartier? Waarvandaan het dit gekom? -- Van polisie hoofkantoor, dit sal seker binne 'n uur geskied het.

In watter vorm? -- In die vorm van 'n druktelegram.

Is u 'n luitenant-kolonel. -- Nee, ek is 'n volle kolonel (30) U Edele.

'n Volle kolonel. En volgens Artikel 22 watter magte het u?

-- Die Wet maak voorsiening dat 'n persoon met die rang van luitenant-kolonel en bo dit so 'n persoon mag arresteer. Ek kan net hier verduidelik U Edele, dit is maar administratiewe reëlings dat die lasbrief aangevra word en dit dan nou natuurlik voltooi word en na die plek van aanhouding gestuur word.

Ja. Maar u het volle mag gehad volgens die Wet om self die besluit te neem? -- Korrek, U Edele.

In Kaapstad? -- Dit is korrek, U Edele.

En u het dit nie gedoen nie. -- Dit is nie dat ek dit nie (10) gedoen het nie ek het maar net die administratiewe reëlings voltooi.

Ja, maar nogtans nie gedoen nie. -- Ek het dit gedoen dit was 'n versoek gewees vanaf Kaapstad aan Hoofkantoor dat die man in hegtenis geneem is en dat die lasbrief na Kaapstad gestuur moet word waar hy dan aangehou sal word.

Nou toe die beskuldigde gearresteer was onder die Strafproses-wet, die rede daarvoor was dat hy aangekla moet word, daar was 'n vermoede dat hyselv 'n misdryf gepleeg het. -- Dit is korrek, U Edele.

En so 'n persoon het al die normale regte van enige persoon (20) wat onder arrestasie is. -- Dit is korrek, U Edele.

Dit maak nie saak of dit die Veiligheidspolisie is of ontug-tak van die polisie, hy is 'n gewone prisonier. -- Korrek, Edele.

En wat is sy regte dan? -- Indien hy..(tussenbei).

Gedurende die 48 uur wat hy kan aangehou word? -- Indien hy sou versoek om 'n prokureur te gesien het of sy prokureur sou dit aan hom toegelaat gewees het U Edele.

Hy moet dit versoek? -- Dit is sy versoek U Edele.

Was sy regte aan hom verduidelik? -- Sy regte was aan hom verduidelik gewees. (30)

Deur wie? -- Deur myself en..(tussenbei).

Waar/..

Waar kolonel? -- Die aand nadat ons by die kantore arriveer het toe ek met hom gesels het en ek is seker dat luitenant Visser hom ook toe hy hom gewaarsku het, dit sou meegedeel het.

U is seker daarvan? -- Ek is seker daarvan U Edele.

En toe hy ingeboek was deur luitenant Visser? -- Wel, ek was nie in die klagtekantoor gewees nie.

By die aanklagkantoor. U was nie daar nie. En wat se verduideliking het u vir hom persoonlik gegee kolonel? Van sy regte? -- U Edele, ek het aan hom verduidelik dat dit - wat die vermoedens teen hom is, dat dit 'n baie ernstige saak is, en dat dit - hy 'n geleentheid gebied sal word om - dat daar vrae aan hom gestel sal word en 'n geleentheid aan hom gebied sal word om die vrae te beantwoord. En dat indien hy sou besluit om 'n skriftelike verklaring af te lê dit sy keuse sal wees.

Onder watter wet of prosedure is dié verduideliking aan die beskuldigde gegee? Waarvandaan kom dit? -- U Edele dit is maar die Regtersreëls wat ek aan hom verduidelik het.

Is dit hoe u persoonlik as kolonel die Regtersreëls verstaan? -- U Edele, ek het aan hom..(tussenbei).

Dat 'n man kan ondervra word om 'n verklaring te maak, is dit so? -- Ek het die beskuldigde verduidelik dat dit hom vry staan om die verklarings te beantwoord, dat hy moet besef dat dit 'n ernstige saak is wat teen hom ondersoek word, dat hy nie verplig is om 'n verklaring te maak nie maar dat indien hy sou verkies om 'n verklaring te maak die verklaring moontlik, indien daar later enige vervolging teen hom ingestel sal word, die verklaring moontlik teen hom as getuienis gebruik sal word.

Wat is die bepalings van die Regtersreëls in verband met ondervraging van 'n persoon wat onder arrestasie is? Is daar nie 'n verbod daarop nie, of dra u nie kennis daarvan nie? --- (30) Geen antwoord.

Staan dit vry vir die polisie om 'n persoon onder arrestasie in 'n kantoor in te neem en vrae gedurende die hele aand aan hom te stel en dan 'n verklaring van hom af te neem? Is dit volgens Regtersreëls? -- U Edele, die beskuldigde word geleentheid gebied. As hy nie skuldig is nie en hy verkies om 'n verklaring te maak en ons dan vasstel dat hy nie die misdaad gepleeg het nie, ons moet hom 'n geleentheid bied om sekere vrae te beantwoord om vas te stel of hy betrokke is in daardie besondere misdaad.

Was dit die doelstelling van die vrae? -- Dit is so U Edele.

Om sy onskuldigheid te bepaal? -- Nie sy onskuld nie, of (10) sy onskuld of is hy betrokke by die misdaad.

Is dit volgens Regtersreëls? -- Dit is wat ons hom gevra het U Edele, dit was die doel van die hele ondersoek.

Nee, nee dit is nie die -

DEUR DIE HOF: Die vraag is of dit volgens Regtersreëls is.

MNR. WENTZEL: Is dit volgens Regtersreëls of dra u nie kennis van Regtersreëls nie, het u daarvan vergeet in jou jare in die Veiligheidstak? -- Ek het hom gewaarsku soos wat ek reeds verduidelik het aan die Hof U Edele.

Het u melding daarvan gemaak dat hy kan weier om enige vraag(20) aan u te antwoord, vir u te antwoord? -- Dit was aan hom gestel en hy het geweier om sekere vrae te beantwoord.

Ja, ja. -- Hy het geweier U Edele.

Dat hy seltoe kan gaan en nie saam met julle moet gaan na die Veiligheidspolisie se kantore om ondervra te word? Het u vir hom gesê dat hy sy prokureur kan opbel? Dat hy sy moeder kan opbel? -- U Edele, dit was sekerlik deur luitenant Visser alreeds aan hom verduidelik gewees voordat ek daar arriveer het.

En jou vermoede is dat luitenant Visser natuurlik die waar-
skuwing en die raad vir die beskuldigde gegee het en die beskuldigde
het natuurlik toe die keuse gemaak hy sal nie sy moeder of - hy sal
nie/.. (30)

nie eers sy moeder in kennis daarvan stel dat hy onder arrestasie was. Sy weduwee moeder. Is dit jou getuienis? -- U Edele hy het nie aan my gevra om sy moeder of enige iemand in kennis te stel nie, die eerste wat hy aan my gevra het om iemand in kennis te stel was die Donderdagoggend en die het ons toegelaat.

Ja, wat - hy het 'n brief geskrywe nadat hy sy verklaring gemaak het. -- Dit is korrek U Edele, ek weet dat hy die brief geskryf het ek het nie by hom gesit toe hy dit gedoen het nie.

Ja, en een van die belangrikste punte van die brief dat hy sy keuse uitgespreek het dat mnr. Tucker sy prokureur moet wees. (10) Dit is in die brief. -- Dit mag so wees ek het nie met die brief op daardie stadium gedeel nie U Edele.

En as dit so is kolonel? -- Dit mag so wees, daardie brief is afgelewer U Edele.

Met ander woorde toe hy sy kans gehad het op die Donderdag maar nadat die ondervraging klaar was en hy alreeds sy verklaring vir die majoor Acker gemaak het, die eerste ding wat hy daar van melding gemaak het in die brief was: My prokureur is ene mnr. Tucker. Maar daarvorens, volgens u getuienis, alhoewel die keuse aan hom gestel is, u kan u prokureur bel as u wil, u kan met hom (20) in aanraking kom as u wil u het al die normale regte van 'n gewone persoon maar hy het die keuse nie uitgeoefen nie, en sy prokureur opgebel nie. Dit is u getuienis. -- Dit is korrek, U Edele.

Ek stel dit vir u, dit is hoogs onwaarskynlik en nie waar nie. -- Hy het nooit aan my gevra om met mnr. Tucker in aanraking te kom nie, U Edele.

Ja. En alhoewel die beskuldigde lank onder kruisvraag geneem is deur die Geleerde Advokaat vir die Staat, nooit aan die beskuldigde gestel is. Nooit nie. En hoekom nie? -- U Edele, die eerste (30) versoek het ons - wat hy gevra het, het ons dit toegestaan en daardie

brief is afgelewer.

Ja, nadat hy alreeds sy verklaring gemaak het. -- Dit is korrek, Edele.

Ja. Dit is aan die beskuldigde gestel in kruisondervraging dat hy die keuse gegee is om of te staan of 'n stoel te hê. Dié punt is gestel maar nooit nie dat hy die keuse gestel is dat hy sy prokureur kan opbel nie. -- U Edele, toe ek met die beskuldigde gepraat het het hy by my in die kantoor op 'n stoel gesit, hy het nooit by my gestaan nie, hy het geen versoek aan my gerig nie.

Ja. En nooit aan die beskuldigde gestel onder kruisvrae dat(10) hy maar net 'n normale prisonier was en nie aangehou was volgens die wetgewing vir veiligheidsdoeleindes. -- Ek is seker dat die beskuldigde op daardie stadium besef het U Edele want ek het die opdrag aan luitenant Visser gegee en daarna is hy afgeneem klagtekantoor toe waar dit sekerlik weer in sy teenwoordigheid herhaal is.

Maar dit was nie my vraag nie. Wat ek gevra het dat u moet kommentaar lewer daaroor, is hoekom dit nie aan die beskuldigde gestel was: Hy was 'n gewone prisonier met al die regte van 'n gewone persoon wie kon geweier het om heel aand te staan en vroe (20 te antwoord, verklarings te maak. Nooit gesê nie. -- Ek het dit nooit - hy het in my teenwoordigheid nooit gestaan nie met die gevolg dat hy natuurlik nie aan my so 'n versoek gerig het nie.

Dit is ook nie die vraag nie. U sien kolonel dit is my plig aangesien ek sal betoog maak by Sy Edele dat u getuienis nie die waarheid is nie. Ek moet u kans gee om te kommentaar op al die aspekte waarop ek sal betoog dat u praat nie die waarheid nie. En die beskuldigde, toe hy by majoor Acker gekom het, waarvan maak hy melding? Nie dat hy 'n gewone prisonier was nie, dat hy sy keuse gehad het om in aanraking met sy prokureur te kom nie, (30 en besluit maar net om 'n verklaring te maak en vroe te antwoord wat/..

wat hy sê is: "I was arrested under Section 6 of the Terrorism Act" en hy maak dieselfde verklaring in Johannesburg. -- Dit is nie so nie U Edele.

Dit was nie so nie. -- Daar was nooit sprake van Artikel 6 nie.

En die keuse wat die beskuldigde gemaak het, om nie met sy moeder in aanraking te kom nie, nie met sy prokureur in aanraking te kom nie, dit sluit maar ook in die feit dat hy by vrye keuse na die Veiligheidskantore gekom het en die heel aand daar gestaan het en vrae geantwoord het vir so om en by vier of miskien meer (10 lede van die veiligheidspolisie. Dit was ook sy vrye keuse. -- Dit was sy keuse gewees, U Edele.

Ja. Die Voorvalleregister van Caledon-plein, hy is nie beskikbaar nie op die oomblik nie? -- Nee, U Edele, dit sal seker maar daar in die kantore gehou word.

Ja. -- Dit is nie, Edele.

Ja. Nou kolonel Broodryk, volgens u getuienis, die twee koeverte was aan die beskuldigde getoon, sy kop het gehang, hy was geskok, en u het vir hom darem so 'n vriendelike soort van waarskuwing vir hom gegee? -- (Mnr. Wentzel gaan voort). (20)

Jy besef dat jy die waarheid moet skrywe. -- Ek het dit so aan hom gestel, U Edele.

En as hy nie die waarheid geskrywe het nie dan wat? -- U Edele, ek wou die beskuldigde op daardie stadium laat besef het dat ons oor sekere inligting beskik en dat dit nie vir hom sal help om langer weg te skram van die waarheid nie.

En as hy so aanhou, wat sal dan gebeur? -- Wel U Edele ons sal maar die saak verder ondersoek het, ek het maar net die keuse aan hom gestel en dit so aan hom verduidelik.

En watter metode van ondersoek sou gebruik geword geword het? -- (Mnr. Wentzel gaan voort). (30)

Wat/..

Wat sal dan gebeur? -- U Edele ek wil nie uitwei oor die metodes of die ander persone wie ons sou genader het nie maar ons sou met die ondersoek voortgegaan het.

Inslytend ondervraging? -- Korrek, U Edele.

Ja, gedurende die aand. -- Met tussenposes. Ek wou nie die beskuldigde eintlik langer wakker gehou het nie U Edele.

Ja. Die enigste verskil tussen u weergawe van wat daar gebeur het en dié van die beskuldigde is joune is in hoftaal en beskuldigde is die gewone taal van normale persone wat praat met mekaar in die omstandighede: Jy gaan kak as jy nie die waarheid praat nie. (10) -- Daardie verwerp ek met minagting, dit is nie my taalgebruik daardie nie U Edele.

Nooit nie, u gebruik nooit so 'n taal nie? -- Nee, ek gebruik nie sulke taal nie.

Maar ek stel dit aan u dat u wel die taal gebruik het en vir die beskuldigde ook. -- Ek ontken dit U Edele.

Ja, verwerp dit. -- Ek verwerp dit.

So 'n taal het u nooit van 'n polisieman gehoor nie. Ja, geen verdere vrae nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. ENGELBRECHT: Daar is net een aspek. (20) Kolonel, ek sien u het in getuenis het u gesê: Hy is aangehou tot Donderdag die 25ste Julie, is dit nie Oktober nie? -- Verskoon tog dit is Oktober, ek het daar fouteer U Edele.

Geen verdere vrae nie.

GEEN VERDERE VRAE.

GETUIE STAAN AF.

DIE HOF VERDAAG / DIE HOF HERVAT

MR. WENTZEL ADDRESSES COURT: My Lord, there is a matter that I am going to raise with Your Lordship. My Lord, it seems that the Occurrence Book at Caledon Square may be a relevant document, (30) and we have asked my Learned Friends and the police to make it available/..

available, and they are unable to do so M'Lord, unless Your Lordship intervenes. It seems M'Lord that the most convenient way of dealing with this perhaps would be if Your Lordship would authorise the Registrar to communicate with the police in Cape Town and permit the correspondent of my attorney to inspect that book. If it is then not relevant perhaps we can decide between ourselves.

MR. ENGELBRECHT HAS NO OBJECTION.

BY THE COURT: Such an order is made. Do I have to formulate it precisely or can my simple intimation be sufficient? (10)

MR. WENTZEL: I am sure that Your Lordship's mere statement in that regard is more than enough My Lord.

MNR. SWANEPOEL ROEP VERVOLGENS VIR LUITENANT VISSER.

JOHANNES LOUIS VISSER, verklaar onder eed:

ONDERVRAGING DEUR MNR. SWANEPOEL: U is 'n luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak, Kaapstad? -- Dit is reg, U Edele.

Is dit korrek dat op 23 Oktober 1979 u na die woonstel van die beskuldigde in Kaapstad gegaan het? -- Dit is korrek.

Hoe laat ongeveer het u daar gekom? -- Dit was ongeveer tien-voor-vier. Die middag U Edele. (20)

Was u vergesel deur ander polisiebeamptes? -- Dit is korrek.

Wie was hulle? -- Dit was luitenant Rust en adjudant-offisier Van der Hoven.

verduidelik

Kan u aan die Hof/wat gebeur het toe u by die woonstel gekom het? -- U Edele, die beskuldigde het per motor daar omstreeks 4 nm. gearriveer. Hy het uit sy motor geklim. Ek en adjudant-offisier Van der Hoven het na die motor gegaan, ons het onsself aan die beskuldigde geïdentifiseer deur ons aanstellingssertifikate aan hom te toon en ek het aan die beskuldigde gesê dat ek graag met hom wil praat. (30) Beskuldigde het toe gevra of ons hom net kan help om goedere wat

hy/..

hy in die motor het na sy woonstel te neem. Ons het die beskuldigde toe gehelp om kartondose wat hy in die motor gehad het asook 'n swart sak na sy woonstel te dra. Toe ons in die woonstel kom het hy die goedere neergesit en ek het hom toe meegedeel dat hy daarvan verdink word dat hy skakeling met die ANC, met die verbode ANC in Londen gehad het en dat hy nadat hy na Suid-Afrika teruggekeer het, vir die ANC gewerk het. Ek het hom meegedeel dat hy nie enige iets hoeft te sê nie dat alles wat hy sê neergeskryf sal word en later as getuienis teen hom gebruik mag word. Die beskuldigde het toe vir my gevra of hy aangehou sal word en ek het vir hom gesê ja hy sal aangehou word vir 48 uur ingevolge die Strafproseswet.

Het u hom inderdaad gearresteerd? -- Ek het hom gearresteerd.

Ja? -- Daarna het die beskuldigde gevra of hy net sy goed kan uitpak. Ek het vir hom gesê ja, hy kan sy goed uitpak en ek het toe vir die beskuldigde gevra of ek sy telefoon mag gebruik. Die beskuldigde het gesê dat ek die telefoon kan gebruik en ek het toe die kantoor geskakel sodat ander lede na die woonstel kan kom. Ek het ook vir die beskuldigde toe gesê dat ons graag sy woonstel wil visenteer. Hy het gesê dat dit in orde is en ek het toe vir hom gesê ons sal eers wag tot die ander lede daar is. Die beskuldigde het toe vir ons koffie gemaak. Na die ander lede gearriveer het ek hulle almal aan die beskuldigde voorgestel en ons het toe voortgegaan met die deursoeking van die woonstel.

Wie was die ander lede? -- Die ander lede was kolonel Broodryk, kolonel Kotze, kolonel Goosen en adjudant-offisier Van Wyk.

Hoe het die visentering van die woonstel geskied? -- U Edele ons het by een vertrek begin en nadat ons daardie een vertrek deursoek het het ons die ander vertrekke deursoek.

En het u daar op sekere goedere beslag gelê? -- Dit is korrek, Edele.

Na die deursoeking van die woonstel, wat het gebeur? -- Na die deursoeking/..

deursoeking van die woonstel is ons terug na die kantoor. Ek het die beskuldigde na die kantoor toe geneem eers.

Na wie se kantoor? -- Na my kantoor.

Dit is in die veiligheidsafdeling? -- Dit is korrek, U Edele.

Ja? -- En daarna het ek die beskuldigde na die aanklagkantoor geneem waar ek hom ingevolge die Strafproseswet aangehou het. Die beskuldigde was daar ook geviseenteer en sy persoonlike besittings was van hom afgeneem.

Is dit gebruik of nie, dat sy goedere geneem word? -- Dit is gebruik ja, Edele. (10)

Daarna, luitenant? -- En daarna het ek die beskuldigde teruggeneem na my kantoor, ek het vir hom kos bestel. Nadat hy klaar geëet het, het kolonel Broodryk daar aangekom en hy het toe gesê dat ek en adjudant-offisier Van der Hoven maar kan gaan eet. Hy het toe met die beskuldigde in my kantoor gepraat.

Goed, en u en mnr. Van der Hoven het toe gaan eet? -- Ons het toe gaan eet.

Wat het toe daarna gebeur, na ete? -- Nadat ons teruggekeer het, het ons die beskuldigde na 'n ondervragingskantoor geneem, waar ons hom ondervra het. (20)

Watse meubels was in daardie ondervragingskantoor? -- U Edele, daar was 'n tafel en drie stoele.

Het u gestaan of gesit toe u hom ondervra het? -- Ek het gesit toe ek hom ondervra het Edele.

En mnr. Van der Hoven? -- Hy het gesit.

En die beskuldigde? -- Die beskuldigde het nie gesit nie, hy het die stoel eenkant toe geskuif Edele, en hy het gestaan.

Weet u waarom hy nie gesit het nie? -- Edele hy het geweier om te sit. Hy het heen-en-weer beweeg, op en af gestap en hy het 'n baie parmantige houding ingeneem. (30)

Was hy op enige stadium gedurende die ondervraging gesê om op te /..

te hou op en af stap? -- Ja, hy was, U Edele.

Wie het dit vir hom gesê? -- Adjudant-offisier Van der Hoven
het - ek kan onthou hy het op een stadium vir hom gesê: As jy
nie wil sit nie dan moet jy net stil staan.

Wasdaar enige iets wat die beskuldigde belet het om te sit? --
Nee, daar was niks wat die beskuldigde belet het om te sit nie,
niemand het hom belet nie.

Weet u of die beskuldigde op enige stadium op die tafel gaan
sit en of op die tafel geleun het? -- U Edele, hy het in my kantoor
het hy toe ons ingekom het, sommer op die tafel gaan sit, en ek (10)
het toe vir hom gesê hy moet opstaan.

Waarom? -- Omdat dit slegte maniere is U Edele. Hy het ook
in die aanklagkantoor toe ek hom aangehou het op die toonbank gesit
ek het hom van die toonbank af ook gejaag en vir hom gesê hy
moenie sy huismaniere daar kom uithaal nie. NB 15

Terwyl u en mnr. Van der Hoven die beskuldigde ondervra het
was u gewapen? -- Ek was gewapen, U Edele.

Wat het u by u gehad? -- Ek het 'n Walter .32 pistool by my
gehاد.

Was die pistool sigbaar vir die beskuldigde? -- Dit is (20)
moontlik dat die beskuldigde op een of ander stadium kon gesien
het want ek het dit aan my heup gedra en my baadjie was oopgeknoopt
so dit is moontlik dat die beskuldigde dit kon gesien het.

Weet u of mnr. Van der Hoven gewapen was? -- Ek veronderstel
hy was gewapen maar ek kan nie sê nie Edele.

Hoe laat ongeveer het u ondervraging van die beskuldigde begin?
-- Ek sal sê dit was ongeveer half-nege die aand.

En tot hoe laat het dit ongeveer geduur? -- Ongeveer tot
kwart-oor-twaalf die volgendeoggend.

En is dit reg dat daar ander persone toe by u oorgeneem het? (30)
-- Dit is korrek.

Dit/..

Dit was menere Van Wyk en Vermeulen? -- Dit is korrek, Edele.

Ek wil u nie vra na spesifieke alles wat u die beskuldigde gevra het nie. Kan u miskien net sê in breë trekke waaroer hy gevra is. -- Ja, U Edele, adjudant-offisier Van der Hoven - oor alles wat ons die beskuldigde gevra het het hy aantekeninge gemaak.

Kan u onthou wat dit was? Ek dink die beskuldigde sê hy is gevra oor sy agtergrond, adresse, ensovoorts sou dit korrek wees? -- Dit is korrek, U Edele. (10)

Het die beskuldigde vroe beantwoord? -- Die beskuldigde het vroe beantwoord.

In dié tydperk wat hy ondervra is is daar enige verversings aan hom aangebied of gegee? -- Ja, U Edele ek het op 'n paar geleenthede het ek koffie gemaak maar die beskuldigde het gesê hy drink nie koffie nie hy drink tee. Ons het nie tee in die kantoor gehad nie en die beskuldigde het water gedrink en hy het ook melk gedrink.

Nadat u nou die aand na twaalf die beskuldigde afgegee het aan mnre. Van Wyk en Vermeulen het u hom weer gesien? -- Ja, (20) ek het die beskuldigde die oggend omstreeks 7 voormiddag gesien.

Waar was hy toe? -- Hy was nog steeds in dieselfde kantoor hy het by die tafel gesit en hy was besig om te skryf.

Het u terwyl hy daar besig was met hom gaan praat? -- Ja, ek het die beskuldigde gegroet U Edele.

Het u iets verder met hom gesels? -- Nee, ek het nie verder met hom gesels nie ek is daarna na 'n ander kantoor toe, ek het hom alleen gelaat.

Toe u hom daar gesien het was daar iemand by hom of nie? -- Daar was niemand by die beskuldigde nie, Edele. (30)

Ekskuustog net Edele. Ek het geen verdere vroe nie.

KRUISONDERVAGING DEUR MNR. WENTZEL: Luitenant die offisier wat wel in bevel van die ondersoek was, was kolonel Broodryk?

-- Dit is korrek, Edele.

So dit was dan onder sy opdrag dat u na die woonstel van beskuldigde was? -- Dit is korrek, U Edele.

En die opdrag was om beskuldigde te laat arresteer. -- Dit is korrek, U Edele.

Aangesien u sekere inligting tot u beskikking gehad het.

-- Dit is korrek U Edele.

En die arrestasie self was deur u gemaak? -- Dit is korrek(10 U Edele.

Daar was geen sprake van aanhouding nie, dit is 'n gewone arrestasie volgens die Strafproseswet? -- Dit is korrek, Edele.

Was daar enige stadium toe die beskuldigde die name van die polisie offisiere gevra het? -- Ja, dit is korrek, U Edele.

En hy het 'n papier en potlood of pen daar gehad? -- Dit is korrek, U Edele.

En hy wou dit gebruik het om die name neer te skrywe? -- Dit is korrek.

Maar hy het dit nie gedoen nie. -- Dit is korrek, U Edele.(20

En die name is geweier. -- Dit is korrek, U Edele.

Nou as u al die polisie offisiere aan hom voorgestel het hoekom het hy die name vandie offisiere gevra en hoekom is die name geweier? -- Ek het die indruk gekry dit is uit parmantigheid U Edele.

O. -- Die beskuldigde, terwyl ons met die deursoeking besig was, ons moes hom kort-kort terugroep na die vertrek toe waar ons besig was. En ek het toe die indruk gekry hy is parmantig dit is hoekom hy die name wil hê.

En dit is hoekom dit geweier was? -- Ek veronderstel dit is (30 die rede hoekom dit geweier is.

Hoeveel/..

Hoeveel lede van die Mag was daar in die woonstel? --

Dit was myself, luitenant Rust, adjudant-offisier Van der Hoven, kolonel Broodryk, kolonel Kotze, kolonel Goosen, adjudant-offisier Van Wyk.

Sewe altesame. En was u altyd, aldie lede van die Mag tesame in dieselfde vertrek van die woonstel? Sewe van julle saam met die beskuldigde agt persone? -- Die meeste van die tyd.

Die meeste van die tyd. -- Die meeste van die tyd.

Maar somtyds nie. -- Nee, somtyds nie. Eksell was nie die hele tyd teenwoordig nie want ek het gegaan om die beskuldigde partykeer terug te bring na die vertrek toe wanneer hy uitgestap het. (10)

Maar met die uitsondering om beskuldigde terug te bring was julle altyd altesame agt persone in een vertrek in die woonstel.

-- Dit is korrek.

En wat het u almal daar gemaak? -- Ons was besig met die deursoeking Edele.

Sewe van julle in een vertrek? -- Dit is korrek, Edele.

Tesame. Al sewe het die visentering deurgebring? -- Al sewe het visentering gedoen. (20)

En as kolonel Broodryk onder die indruk was dat van tyd tot tyd lede van die Mag in ander vertrekke was en julle nie altesame daar was, is dit verkeerd? -- Dit kan wees U Edele dat 'n man gou uitgestap het maar hy het weer teruggekom na die vertrek toe.

'n Baie ongemaklike manier om 'n visentering deur te bring?

-- Ek sal nie sê dit was ongemaklik nie, Edele.

Dit was nie. En toe die beskuldigde arresteer was, wat het u vir hom gesê? -- Ek het vir die beskuldigde gesê dat hy daarvan verdink word dat hy skakeling met die verbode ANC in Londen gehad het en nadat hy na die Republiek teruggekeer het dat hy vir hulle gewerk het. (30)

Dan word jy arresteer. Het u melding daarvan gemaak dat hy onder arrestasie was? -- Nee, ek het hom onder arrestasie geplaas U Edele.

En hom daarvan gemeld? -- Dit is korrek, U Edele.

Sy regte verduidelik? -- Sy regte is aan hom verduidelik. 5

In watter manier, wat het u vir hom gesê? -- Edele ek het vir hom gesê dat enige iets wat hy sê neergeskryf sou word dit is nie nodig vir hom om enige iets te sê nie maar alles wat hy sê sal neergeskryf word en dat dit as getuenis gebruik mag word. (10)

Hy is geregtig om te weier om enige vrae te antwoord en daardie soort van ding. -- Dit is korrek. //

Het u 'n notaboek by u gehad? -- Ek het 'n notaboek by my gehad.

Enige iets neergeskryf? -- Ek het niks neergeskryf nie.

Met ander woorde, hy het niks gesê nie. -- Hy het niks gesê wat van belang was nie.

Niks van belang. En hoe besluit u dit? -- Wel, ek weet waarvoor ons daar was U Edele, die doel van ons besoek.

En was u notaboek in u hand? -- Die notaboek was nie in my hand nie dit was in my sak. (20)

In jou sak. Dra u gewoonweg 'n notaboekie as lid van die Veiligheidstak? -- Ja.

'n Dagboek? -- Nie 'n dagboek nie.

Nie 'n dagboek nie. -- 'n Gewone notaboek.

Net 'n notaboek. -- 'n Skoon notaboek.

Van watter grootte? -- Edele hy is - wel laat ek sien. Só lank ongeveer en hy is so breed ongeveer. (DUI AAN).

Het u een by u nou? -- Ek het nie een by my nie.

En wat van ander regte van die beskuldigde? Met uitsondering van die feit dat hy nie verplig was om vrae te antwoord? (30)

-- Nee/..

-- Nee, ek het nie ander regte aan die beskuldigde verduidelik nie.

Nooit vir hom gesê dat hy met sy moeder of familie in aanraking kan kom, die telefoon gebruik, prokureur opbel? -- Nie op daardie stadium nie, Edele.

En die parmantige man het nie eers gevra nie. -- Hy het nie gevra nie Edele.

Hy was baie parmantig. -- Hy was baie parmantig.

8
9

'n Persoon van slechte maniere. -- Slechte maniere.

Hy sit op tafels. -- Dit is korrek.

10

(10)

Hy is nie die soort van persoon wat u sou uitnooi in u huis nie. -- Definitief nie U Edele.

11
12

Ja, slechte maniere. Hy het 'n doktorsgraad, maar slechte maniere. -- Dit is korrek.

En die parmantige persoon wat so parmantig opgetree het en wou name afskrywe, hy vra nie eers vir sy prokureur nie. -- Nee, hy het nie.

Raai maar so 'n bietjie hoekom nie. -- -PAUSE-.

Dit is 'n bietjie moeilik, nie waar nie. -- Ek hoef nie te raai nie.

(20)

U hoef nie te raai nie. Enige rede? -- Ek het geen rede nie.

En toe hy ingeboek was, weer vir hom sy regte verduidelik Of nie? -- Nee, ek het nie sy regte toe aan hom verduidelik nie.

En nou is hy by die polisieselle, by die aanklagkantoor en hy vra nie om sy moeder of familie of vriende op te bel nie. bel nie. -- Nee, Edele.

En natuurlik nie sy prokureur nie. -- Nee Edele, hy het ook nie - ek sal sê hy was nie op daardie stadium toegesluit nie. Die aanhouding was net in die aanklagkantoor.

(30)

Hy was onder arrestasie? -- Hy was onder arrestasie, ja.

Ja/..

Ja, nou kom hy saam met die polisie en hy vra nie by die aanklagkantoor om vir iemand op te hel nie, hy is heeltemal tevreden. Is dit so? -- Dit is so.

En dit is aan hom gesê by wyse van waarskuwing dat dit nie nodig was om enige vrae te antwoord nie maar hy gaan vrywillig na die kantore van Veiligheidspolisie en hy staan die hele aand om vrae te antwoord by wyse van vrye keuse. -- Dit is korrek.

Heeltemal korrek. Dit is 'n bietjie onwaarskynlik of nie volgens u? -- Ek het die indruk gekry hy is net parmantig hier.

(10)

Hy is parmantig. Goed. Het hy vir u uitgeskel? -- Nee, hy het my nie uitgeskel nie.

Vloekwoorde gebruik? -- Nee, hy het nie vloekwoorde gebruik nie.

Niks gesê nie, wat..? -- Nee, net sy hele houding.

Sy houding. Nie die woorde nie, net die houding of wat? -- Die houding, ja.

Die houding, nie woorde nie. -- Nee, nie woorde nie.

Ja, nou wat was sy houding? Die manier waarop hy gestaan het of wat? -- Edele, hy sal byvoorbeeld terwyl ons vrae aan hom gevra het dan tuur hy sommer by die venster uit. (20)

O, hy loer by die venster uit? -- Hy loer by die venster uit, hy keer sy rug op jou.

Ek sien. Nou die tafel en die stoelle was so geplaas dat hy het gestaan gewoonweg met sy rug by die venster, dan was die tafel geleë en dan die stoelle nie waar nie. -- Dit is korrek.

En toe u eers daar in die kantoor ingekom het was dit nie so nie. Die stoelle was anderkant om die tafel. -- Ja. Dit is korrek, U Edele.

Hoekom was dit gedoen? -- U Edele, ek het die stoelle reg gerangskik vir die beskuldigde om die een kant te sit en vir ons/.. (30)

ons om aan die anderkant te sit van die tafel.

En waar was die stoele? -- Die stoele was in die vertrek.

Ja, maar tussen die tafel en die deur, volgens u getuienis. En beskuldigde tussen die tafel en die venster. En waar was die stoel wat vir hom beskikbaar was? Moet hy saam onder julle insit daar of wat? -- Nee, die..(tussenbei).

Waar was sy stoel? -- Sy stoel was in die teenoor gestelde rigting.

Dit is nie volgens u getuienis nie. -- Definitief.

Nee, dit is nie wat u vir Sy Edele gesê het. Volgens u (10) getuienis beskuldigde het gestaan met sy rug teen die venster, dan kom die tafel dan kom die stoele. Nou vra ek weer waar was die stoel vir die beskuldigde. -- Die beskuldigde se stoel U Edele, was aan die venster se kant.

Ja, hoekom het u nie melding daarvan gemaak nie: Aangesien dit nie waar is nie. Is dit nie so? -- Dit is die waarheid U Edele.

Ja. Wat is die waarheid wat u nou vir Sy Edele vertel het of wat u 'n paar minute gelede vir Sy Edele vertel het? -- U Edele, die beskuldigde het aan die een kant gesit waar - gestaan (20) waar die een stoel was en ons het gesit aan die ander kant waar twee stoele was.

Gesit? Ja u sien, ek stel dit vir u daar was net twee stoele, die stoele was op die deur se kant van die tafel en beskuldigde moes staan op die venster se kant. -- Nee, dit is nie korrek nie.

Volgens die opdragte wat u vir hom gegee het. -- Dit is nie korrek nie, Edele.

En hy moes die hele aand gestaan het totdat hy dokters moet besoek aangesien sy voete opgeswel het. Volgens u, sy (30) vrye keuse. -- Ek het die beskuldigde persoonlik na die dokter toe/..

toe geneem.

Ja. -- Nadat dit onder my aandag gekom het dat sy voete geswel is.

Ja. En dit is volgens u, by wyse van vrye keuse dat 'n man die hele aand sal staan sonder dat hy wil sit totdat sy voete opgeswel het by wyse van vrye keuse volgens u. -- U Edele op die stadium wat ek daar weg is het die beskuldigde nog nie so lank gestaan nie.

Nog nie so lank, net $2\frac{1}{2}$ uur. No, more just a moment - net $4\frac{1}{2}$ uur. $3\frac{1}{2}$ Jammer, jammer my..(tussenbei). -- Dit is (10 ongeveer van half-nege die aand tot..(tussenbei).

Drie, ja. -- ..ongeveer tien oor twaalf.

Ja. Maak dit drie uur as u wil. -- Dit is moontlik.

En by wyse van vrye keuse het hy daar gestaan. Sonder om te sit. -- Hy het Edele.

En die uiteindelike effek was dat sy voete opgeswel het.

-- Ja, wel ek sal saam stem dat met die beskuldigde se liggaamsbou sou sy voete geswel het.

~~Is dit die optrede van 'n parmantige persoon?~~ -- Ek sal sê dit is die optrede van 'n parmantige persoon. (20)

Ja. Dat hy homself skade opdoen. -- Die beskuldigde het die keuse gehad om te sit U Edele.

Maar hy het sy keuse uitgeoefen dat hy skade aan sy eie persoon opgedoen het. -- Dit is so.

Baie parmantig so 'n persoon. -- Dit is so, ja.

Dit lyk so 'n bietjie simpel nie parmantig nie. Nou in die kantoor self toe die ondervraging begin het, weer 'n waarskuwing aan hom gerig of nie? -- Nee, Edele.

Wat weet u van die Regter's Reëls? Of weet u niks daarvan nie? -- Ek weet van die Regter's Reëls, Edele. (30)

En wat is die bepalings van die Regter's Reëls in verband met

die/..

die ondervraging van 'n persoon wat onder arrestasie is? -- Dat hy moet gewaarsku word, dat hy nie nodig het om enige vrae te antwoord nie.

En toe? -- Ek het die beskuldigde mos reeds gewaarsku.

En dat hy nie ondervra moet word nie. Is dit nie so nie? Moet ek dit uitlees? -- U kan dit uitlees.

Ja. Ek dink miskien is nou 'n gepaste tyd.

"Questions may be put by policemen to persons whom they do not suspect of being concerned in the commission of a crime, under investigation without any caution being administered. (10)

Questions may be put to a person whom the police have decided to arrest, who is under suspicion where it is possible that the person by his answers may afford information which may tend to establish his innocence. As for example where he has been found in possession of property suspected to have been stolen or alleged or suspected to have been used in the commission of a crime.

In such a case the caution should first be (20) administered. Questions the sole purpose of which is that the answers may afford evidence against the person suspected should not be put. The caution to be administered...."

Ek sal dit nie uitlees nie.

"Questions should not be put to a person in custody with the exception of questions put in terms of Rule 7..."

En dit is "a person in custody, Rule 7....

A prisoner making a voluntary statement must not be cross-examined but questions may be put to him (30)

solely/..

solely for the purpose of removing elementary
or obvious ambiguities in voluntary statement."

Het u die prosedure gevolg, volgens u? -- U Edele..(tussenbeï).

Het u dit gevolg? -- Ek het dit nie gevolg nie Edele.

Hoekom nie? -- -PAUSE-.

Het u kennis daarvan gedra, van die bepaling? -- Ek dra
kennis van Regter's Reëls U Edele.

Ja. En het u die keuse gemaak om die prosedure nie te volg
nie? -- Nee, Edele, ek het die beskuldigde - soos ek sê, ek
het hom reeds toe ek hom gearresteer het, het ek hom gewaarsku. (10)
Ek het hom nie weer gewaarsku nie.

Luitenant, u het nie die prosedure gevolg wat bepaal is
deur die Regters van Suid-Afrika nie, ek vra u hoekom nie. --
-PAUSE-.

Hoekom nie? -- Ek het dit net nie gevolg nie, U Edele.

Ek vra u: Hoekom nie. -- Ek kan geen verduideliking
gee hoekom nie Edele, dit is lank gelede.

Baie lank gelede. Ja. Lank gelede wanneer, laaste Oktober.

-- Ja.

Ja. Wel, ek moet dit net aan u stel: Die beskuldigde (20)
het alreeds sy getuenis afgelê voor Sy Edele, en volgens sy
getuenis was hy verplig om te staan, die hele aand totdat hy die
skade opgedoen het en dit is die rede waarom hy gestaan het
gedurende die aand, en ek moet u die geleentheid gee voor Sy
Edele om te sê of dit waar is of vals. -- Dit is vals.

Ja, geen verdere vrae nie.

HERONDERVAGING DEUR MNR. SWANEPOEL: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

GETUIE STAAN AF.

MNR. ENGELBRECHT ROEP ADJUDANT-OFFISIER VAN DER HOVEN.

(30)

MNR. ENGELBRECHT: Dit is 'n sersant, Edele.

HERMANUS/..

HERMANUS JOHANNES VAN DER HOVEN, verklaar onder eed:

ONDERVRAGING DEUR MNR. ENGELBRECHT: U is 'n sersant..(tussenbei). --
Speurder adjudant-offisier.

Speurder adjudant-offisier. In die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak, Kaapstad? -- Dit is korrek, U Edele.

Nou het u op die 23ste Oktober 1979 vir luitenant..(tussenbei). -- Visser.

Visser, vergesel na die woonstel van die beskuldigde. --
Dit is korrek, Edele. (10)

~~Mnr. Van der Hoven, ek wil nie hê dat u in detail moet ingaan nie, kan u net kortliks vir die Hof sê wat daar gebeur het? -- Ons het hom ingewag by die woonstel, ek en luitenant Visser, hy het gearriveer met sy motor, 'n wit Alfa-Sud. Ons het ons voorgestel aan hom, en hom vergesel na sy woonstel. Binne in die woonstel het luitenant Visser vir hom die klagte verduidelik, hom gewaarsku, sy regte aan hom verduidelik en hy het toe een vraag gevra naamlik of hy aangehou gaan word. En luitenant het vir hom gesê dat hy wel aangehou gaan word as verdagte, 48 uur, onder die Strafproseswet en hy het toe gevra of hy sy breekware mag uitpak.~~ (20)

Is u almal toe woonstel toe? -- Ja, ons was almal bo in die woonstel.

Woonstel toe. En daar toe u in die woonstel kom het u onmiddellik deursoek of wat het u gedoen? -- Nee, nee, daar is eers die klagte aan hom verduidelik en ~~toe is sy regte aan hom - volgens Regter's Reëls gewaarsku en toe het hy die vraag gevra of hy gaan aangehou word en toe het luitenant Visser vir hom gesê ja, vir 48 uur onder die Strafproseswet en toe het hy gevra of hy sy breekware mag uitpak. Ons het nie dadelik geviseenteer~~ (30) nie maar eers gewag vir ander lede om te arriveer.

Is dit vir kolonel Broodryk en..(tussenbei). -- Kolonel Broodryk.

En so aan. En is sy woonstel toe geviseenteer? -- Dit is korrek.

En is hy later geneem na die Veiligheidskantore? -- Dit is korrek.

En was u nog die hele tyd by? -- Nee, nee ek het - na ek hulle by die kantore afgelaai het, ek was die bestuurder van die motor het luitenant Visser hulle hom opgeneem na die kantore toe. (10)

Wanneer het u persoonlik weer vir die beskuldigde gesien?

-- Ek het hom seker gesien so omstreeks kwart-oor-sewe waar hy gesit en eet het daar in die kantoor.

En het u toe al klaar geëet gehad? -- Nee, nee ek het nog nie geëet nie.

En het u toe enige iets met hom te doen gehad, toe u hom daar sien eet? -- Nee, nee ek het hom net daar gesien sit, ek het toe nog nie begin met my ondervraging van hom nie.

En is u later toe ook weg? -- Ja, wel ek het gaan eet saam met luitenant Visser en teruggekom en toe het ons begin met (20) die ondervraging.

Hoe laat was dit ongeveer? -- Omstreeks half-nege, agt-dertig namiddag.

En in watter kantoor het julle hom begin ondervra? -- Dit is in 'n kantoor, dit was regoor my kantoor, in ons - op die tweede vloer van die kantore, Caledon-plein, Kaapstad.

En watter meubels was daar in daardie kantoor? -- Daar was 'n tafel en drie stoele. 27
26

Hoe was die stoele gerangskik? -- Daar was 'n..(tussenbei).

In vergelyking met die tafel, deur en venster. -- Wel, (30) u kom nou soos ek sal mooi verduidelik: U kom in in die kantore in dan/..

dan staan die tafel hierso (DUI AAN). Hier het 'n stoel gestaan aan die kant, 'n stoel hierso aan die kant van die tafel en 'n stoel aan die agterkant van die tafel.

DEUR DIE HOF: In ander woorde 'n stoel aan drie van die vier kante van die tafel? -- 'n Stoel weerskante, dit is korrek, Edele.

Ja.

MNR. ENGELBRECHT: En hoe het julle - in watter posisie was julle toe julle die ondervraging begin? -- Ek het sal ek maar sê aan die linkerkant gesit, luitenant Visser hier op die sykant, en hy het gestaan aan die ander kant. (10)

Hoekom het hy nie gesit nie. -- Omdat hy nie wou sit nie.

Is hy 'n stoel aangebied? -- Dit is korrek, ek het persoonlik twee keer vir hom gevra of hy nie wil sit nie en hy wou nie sit nie.

En het hy stilgestaan? -- Nee, ek het vir hom gevra toe om asseblief stil te staan as hy nie wil sit nie want hy loop op en af voor die tafel. (15)

Hoekom moes hy stil staan wat het..? -- Wel, dit is irriterend as 'n mens op en af voor 'n tafel, jy wil met 'n mens praat en hy loop op en af voor die tafel. As hy dan nie wil sit nie kan hy ten minste stil staan. (20)

En gedurende die aand, is hy enige verversings aangebied? -- Ja, luitenant Visser het gaan koffie maak maar hy wou nie koffie drink nie hy het gevra vir melk en dit is hom aangebied.

En nou kan u net kortliks sê waar - ek wil nie in detail hê nie, waaroor het die ondervraging gegaan? -- Ja, wel ek het notas gevat van die ondervraging, dit was maar meestal persoonlike besonderhede wat ek van hom afgeneem het, en dan geskiedenis agtergrond en dan mense wat hy in Londen ontmoet het en in die algemeen oor die ANC. (30)

En hoe lank het hierdie ondervraging geduur? -- Tot ongeveer

tien oor twaalf is ek afgelos deur twee ander lede.

En toe is u weg. Het u hom weer gesien? -- Ek het die volgendeoggend weer die gewone tyd kantoor toe gekom, kwart voor agt en ek het hom gesien want my kantoor is regoor die kantoor en hy het gesit en skryf by 'n tafel. --

Het u enigsins iets verder met hom te doen gehad? -- Niks. Ek het verder nikks met hom te doen gehad nie behalwe om hom te vergesel toe hy lughawe toe geneem is.

Dit is die Donderdagoggend. -- Ja.

Maar daardie - dit is die Woensdag het u nikks meer verder (10 met hom te doen gehad nie. -- Nee.

Nou - geen verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNK. WENTZEL: Sersant, is u 'n man van baie goeie geheue? -- Ja, redelike goeie geheue.

Watter soort motor het die beskuldigde bestuur? -- 'n Wit Alfa Sud.

'n Alfa Sud? -- Ja.

Goed, en toe u daar aangekom het - toe hy daar aangekom het u was daar saam met luitenant Visser? En wat het toe gebeur? -- Wel, ons het uitgeklim uit die motor uit toe hy daar stop en (20 ons gaan voorstel aan hom deur middel van ons aanstellingsertifikate.

En hy was daar in die straat gearresteer? -- Nee, dit is bo in die woonstel.

Eers in die woonstel gearresteer. -- Ja.

En sy regte is verduidelik? -- Dit is korrek.

En toe later is hy na die kantore van die Veiligheidstak en die ondervraging het begin. -- Dit is korrek.

En daar was die tafel in die - toe u daar ingekom het saam met luitenant Visser om hom te laat ondervra, daar was die tafel (30 en die drie stoele in die posisie soos u dit vir Sy Edele verduidelik/..

duidelik het. -- Dit was half-nege gewees, ja.

Dit is? -- Half-nege gewees.

Ja. Die posisie van die tafel of die stoele was nie verander nie? -- Nie tydens my tydperk van ondervraging nie.

Nie tydens u tydperk nie. Dit was nie nodig om die stoele op die deur se kant van die tafel te plaas nie? -- Nee, ek sien geen rede nie, hoekom nie.

Goed. -- Want as jy die twee stoele daarin sit dan was daar nie 'n stoel vir hom beskikbaar nie.

Ja, en wat was sy houding? -- Dit is moeilik om so 'n houding aan so 'n intelligente man te beskryf maar hy was - hy het net botweg geweier om te sit en hy het wel vrae geantwoord wat ek hom gevra het maar sekere vrae het hy net doodstil gebly. Ek kan nie sê dit was heeltemal astrant nie maar dit was so soos die Engelse sê: "Don't care".

"Don't care". -- Ja.

En dit was nie die maniere wat u sou verwag het van so 'n intelligente persoon nie. -- Nee.

Wat sou 'n mens verwag het van 'n intelligente persoon wat 'n waarskuwing van die polisie gekry het in verband met 'n baie ernstige saak, dat dit nie nodig is vir hom om enige vrae te antwoord nie, hy is 'n persoon wat natuurlik sal weet dat hy geregtig is om in aanraking te kom met sy familie, syregsadviseurs, wat sou 'n mens van 'n intelligente persoon met 'n doktorsgraad verwag as hy dan arresteer is? -- Ja, wel ek..(mnr. Wentzel kom tussenbei).

Watter keuse sou so 'n intelligente persoon uitoefen? --

Ja, wel die kan ek nie - ek kan nie sê wat 'n mens in so 'n spesifieke geval sou gedoen het nie maar dit hang af in watter omstandighede jy verkeer.

Ja 'n mens praat net normaalweg. Normaalweg, normaalweg sal

'n mens verwag dat so 'n persoon sal vra vir sy prokureur, sal sy moeder of familielede opbel, sal weier om vrae te antwoord alvorens hy met sy prokureur of advokate gesels het, dit is wat 'n mens sou verwag het normaalweg. -- Ja, in my..(tussenbei).

Daar is uitsonderings maar²⁸ normaalweg. -- Wel, ek sou sê daar is meer uitsonderings as wat dit normaalweg gebeur. In my ondervinding.

O, ek sien. Ja. In u ondervinding. Ek sien. Met ander woorde sy optrede was net dié van die normale persoon onder arrestasie. -- Behalwe die kwessie dat hy nie wou sit nie. (10)

Nie wou sit nie. Het u hom uitgevra in dié verband? Hoekom wil u nie sit nie? -- Ja, toe sê hy: "I prefer standing".

"I prefer standing". Die hele aand. -- Wel, ek kan net getuig tot tien oor twaalf.

Ja. Maar ons het gehoor van "I Could Have Danced All Night" but ek het nog nooit gehoor van "I Could Have Stood All Night" het u gehoor van daardie liedjie? -- Ek weet nie waarop u sinspeel nie, of is dit 'n plaat wat u aanhaal of wat nie.

O, ja. Dit is 'n plaat. U het daarvan gehoor. -- Ja. (20)

"I could have Danced all Night". -- Wel..(onvoltooid).

Dit is 'n bietjie romanties. -- Ja, wel ek weet nie wat u wil vra daaromtrent nie.

Ek stel dit net, die hele storie wat u daar vir Sy Edele gee is heeltemal fantasies en onwaarskynlik en dit is nie waar nie.

-- Dit is hoe dit gebeur het.

Ja. Totdat sy voete opgeswel het. -- Ek weet nie of sy voete geswel het nie.

U weet nie. Het u daarvan gehoor? -- Ja.

Sersant, wanneer het u in Pretoria gearriveer om getuienis af te lewer in hierdie saak? -- Sondag. (30)

Sondag/..

Sondag. Wanneer het u 'n verklaring gemaak? -- Sondag-middag. Watter verklaring?

Wanneer het u u verklaring gemaak, wat die Prokureur-generaal in sy besit het? -- Verlede jaar die presiese datum kan ek nie onthou nie.

In verband met die hele storie, van wat daar gebeur het die aand van sy arrestasie. -- Ja.

En die ondervraging. -- Ja.

En hoe hy daar gestaan het. -- Ja.

En ontken het dat enige skade aan hom opgedoen is sonder (10) dat hy sy vrye keuse uitgespreek het om te staan. -- Ek weet nie wat u nou bedoel nie, ontken wat? Wat het ek ontken?

Met ander - dat daar enige opdrag aan hom gegee was dat hy moet staan. -- Ja. Nee, daar was nooit 'n opdrag..(tussenbei).

Met ander woorde die Prokureur-generaal was in besit van al daardie inligting. -- Ja.

En u was bewus van die feit dat die beskuldigde 'n rapport aan majoer Acker gemaak het dat daar opdrag aan hom gegee was dat hy moet die hele aand staan. -- Nee.

Nooit nie? -- Ek is nie bewus van so 'n opdrag nie. (20)

Nee, nee, nee. Dat beskuldigde, so 'n rapport aan majoer Acker gemaak het. -- Ek weet glad nie wat hy vir majoer Acker gesê het nie.

En niemand het vir jou gevra: Wat het daar gebeur, die aand aangesien beskuldigde beweer dat hy die hele aand moes gestaan het. -- Wie het my gevra?

Het iemand jou ooit gevra? -- Wat gebeur het die aand?

H-m-m-. -- Ek het mos 'n verklaring..(tussenbei).

Aangesien, aangesien beskuldigde beweer het dat 'n opdrag aan hom gegee was dat hy die hele aand moes staan. -- Ek het (30) 'n verklaring gemaak omtrent daardie.

Is u daarvan vertel dat die beskuldigde so 'n bewering gemaak het? -- Nee.

Nooit nie? -- Nee.

Wanneer het u vir die eerste maal gehoor dat beskuldigde so 'n bewering gemaak het? -- 'n Bewering dat hy die heel nag moes staan?

Ja. -- Wel, ek..(tussenbei).

Dat hy opdrag gekry het van die polisie dat hy nie toegelaat was om te sit nie. -- Wel, ek het dit in die koerant gelees.

O, in die koerante gelees. Nooit tevore nie, wanneer was dit? -- Wel ek het gister die koerant gelees. (10)

H-m-m-. En daarvorens het niemand vir u gesê: Nou luister, die beskuldigde hy beweer teen die polisie dat hy belet was om te sit. -- Nee, niemand het my gesê nie.

Dat hy gemaan was om te staan, nooit nie? -- Nee.

En daar is nie melding gemaak in u verklaring van enige van die bewerings van beskuldigde en geen ontkenning in die verklaring nie? -- Wel, ek het in my verklaring gemeld dat hy gestaan het en verkies het om te staan. (20)

Vrywillig. -- Ja, vrywillig.

Hoekom was dit nodig? -- Wel, ek moet vertel wat gebeur het daardie aand.

Waarom was die verklaring van u afgeneem? -- Omdat ek teenwoordig was daar.

Sonder dat daar enige bewerings van beskuldigde was, volgens u? -- Wel ek vertel net wat gebeur het daarso, dit is die doel van my verklaring.

Beskuldigde het nooit gevra dat hy teruggeneem moet word na die sel toe? Die parmantige man? -- Nee, hy het nooit vir my so gevra nie. (30)

En nie vir luitenant Visser nie? -- Nee.

Hy/..

Hy het net daar gestaan. -- Ja. Hy het gestaan en hy het vrae beantwoord.

En volgens u as hy gevra het om weer terug seltoe te neem wat sal u antwoord gewees het? -- Wel ek sou nie die besluit kon geneem het nie, luitenant Visser was die senior man.

Ja. En wat - raai so 'n bietjie weer - wat dink u sou gebeur het? -- Wel as hy gevra het om terug te gaan sel toe en hy het 'n goeie rede verstrekk hoekom hy wou gegaan het kon hy gegaan het.

Aangesien dat hy nie vrae wou antwoord nie? -- Maar op daardie stadium glo ek nie sou ons hom teruggevat het sel toe nie. (10)

Hoekom nie? -- Want dit was nodig en dit was noodsaaklik om inligting te kry.

Ja. Met ander woorde, dit was noodsaaklik om inligting te kry, u moes hom ondervra. -- Ja. 16

En wat was sy keuse? Hoekom het hy 'n waarskuwing gekry? -- Hy het mos sy regte - sy regte is aan hom verduidelik.

Hoekom het hy 'n waarskuwing gekry dat dit nie nodig was vir hom om enige vrae te stel nie, te antwoord nie. -- Wel, dit(20) is die normale prosedure, jy verduidelik aan 'n man sy regte.

Wat beteken die waarskuwing? -- Die waarskuwing beteken dat hy nie nodig het om enige vrae te beantwoord nie maar wat hy wel antwoord sal ons neerskryf.

Ja, maar nogtans sal die ondervraging die hele aand deurgaan.

-- Ja, maar hy het nie nodig om vrae te beantwoord nie.

O, ek sien. En as hy nie die vrae geantwoord het nie? -- Wel, ons sou met hom gepraat het en probeer het om..(tussenbei).

Hom te oorreed? -- Ja, hom te oorreed.

By watter wyse? -- Deur middel van met hom te praat. (30)

En as hy nog stilgebly het? -- Wel, dan was dit sy keuse gewees/..

gewees. Hy het mos 'n keuse gehad.

En wat sou julle dan gedoen het? Hom terug na die selle toe geneem het? -- Hy sou teruggegaan het selle toe as hy dan nou nog nie gepraat het nie.

En dan die baie belangrike inligting sou u nie gekry het nie. -- Nee, ons sou nie.

H-m-m-. En dit is dan die einde van die saak? -- Wel, die ondersoek sou voortgegaan het.

Ja, dit is baie ongelukkig, dan moet hy vrygelaat word. -- Daaroor kan ek nie kommentaar lewer nie. (10)

Geen verdere vrae nie.

HERONDERVAGING DEUR MNR. ENGELBRECHT: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

GETUIE STAAN AF.

MNR. ENGELBRECHT ROEP SPEURDER ADJUDANT-OFFISIER VAN WYK

JOHANNES PETRUS FRANCOIS VAN WYK, verklaar onder eed:

ONDERVAGING DEUR MNR. ENGELBRECHT: U is 'n speurder adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak te Kaapstad. -- Korrek, Edele.

Nou op die 23ste Oktober 1979 het u onder andere kolonel (20) Broodryk en nog andere vergesel na die woonstel van die besuldigde. -- Korrek, U Edele.

En het u enige iets daar deelgeneem aan in die woonstel? -- Ek het deelgeneem aan die deursoeking, U Edele.

En daarna, is u na die deursoeking klaar is, is u..? -- Terug na my kantoor U Edele.

En wanneer het u weer met besuldigde te doen gekry? -- Om tien oor twaalf die volgendeoggend. Dit is net na middernag.

En mnr. Van Wyk, kan die omstandighede vir die Hof sê hoe dit gekom het dat u weer met hom in verbinding getree het en wat daar gebeur het? -- Wel ek het opdrag gekry om om 12uur by (30) die/..

die kantoor te rapporteer om behulpsaam te wees met die ondervraging van die beskuldigde en ek het toe daar opgedaag om tien oor twaalf.

En sou u hom alleen ondervra het? -- Nee, Edele, ek was vergesel van speurder-konstabel Dirk Vermeulen en ek het oorgeneem van luitenant Visser en adjudant-offisier Van der Hoven.

In die ondervragingskantoor? -- Dit is korrek.

Nou voordat u daardie kantoor binnegegaan het of sal ek die vraag só stel, is u ook bekend as "Spyker"? -- Korrek, Edele. Reg oor die hele wêreld. (10)

En mn. Van Wyk, voordat u net kort voordat u - ek is nie presies duidelik wanneer nie, maar dit moet kort voordat u die ondervragingskantoor tien oor twaalf binne gegaan het, het enige iemand iets geroep, na jou verwys, na u verwys? -- Nee Edele, ek het by die kantoor aangekom, die beskuldigde, luitenant Visser en adjudant-offisier Van der Hoven was in die kantoor en ons het gerapporteer vir diens.

En is hulle toe daar uit? -- Hulle het die kantoor verlaat U Edele.

Was daar enige opmerking: "Hier kom Spyker" of woorde tot die effek? -- Nee, Edele. (20)

En hoe was die kamer gemeubeleer toe u daar ingekom het? -- Onder andere was daar 'n tafel, by die deur se kant van die tafel was daar 'n stoel, aan die regterkant in die hoek was daar nog 'n stoel en aan die regterkant - aan die ander kant van die tafel was ook 'n stoel. (20)

Dit is die venster se kant? -- Dit is korrek, U Edele. 'n Klein venstertjie wat so half in die hoek van die kantoor is.

En waar was die beskuldigde, in watter posisie was hy? -- Hy het agter die tafel op en af gestap toe ek daar aankom. (30)

En wat het toe gebeur sê toe u nou oorneem van luitenant

Visser en mnr. Van der Hoven? -- Wel, ek het op die stoel gaan sit, Vermeulen het op die ander stoel gaan sit langs my. Ek het die notas wat deur Van der Hoven afgeneem was het ek inbestudeer. Beskuldigde het op en af agter die tafel gestap. Ek het hom gevra om te gaan sit aangesien hy my hinder, ek kan nie konsentreer op wat ek lees nie. Hy het geweier om te gaan sit en ek het vir hom gesê in daardie omstandighede moet hy dan stil staan want hy hinder my, wat hy wel gedoen het.

Ja, en toe? -- Toe het ek die notas bestudeer vir ongeveer 'n driekwartier na 'n uur toe. Daarna het ek die beskuldigde begin(10 ondervra. Oor sy agtergrond het hy wel vrae beantwoord maar vrae wat aan hom gestel was omtrent organisasies het hy net sy skouers opgetrek, sy kop laat sak en geglimlag. Daar was geen reaksie op my vrae nie.

Ja, en toe? -- Die ondervraging het so voortgegaan, deur die nag het Vermeulen koffie gemaak, hy het hom koffie aangebied hy het gesê dat hy nie koffie drink nie. Hy het om wel twee keer water gevra wat hy toe aangebied was.

Het hy dit uit sy eie water gevra of is dit aan..? -- Hy het water gevra. (20)

Ja, en toe? -- Ongeveer - die volgendeoggend ongeveer kwart-voor-sewe het hy geëet. Hy het gestaan en eet. 'n Stukkie brood met eier of wors afgesny, dit in sy mond gesit omgedraai aa die venster toe en deur die venster gekyk na die agterplaas van die polisiestasie, dan weer omgedraai, weer 'n stukkie wors of eierbrood gevat in sy hand geplaas, weer deur die venster gekyk terwyl hy met sy rug na my gekeer is. Nadat hy klaar geëet het het hy vir my gevra: Wat is die posisie as 'n persoon in die moeilikheid is, wat moet hy doen om daaruit te kom. Ek het aan beskuldigde verduidelik dat dit is nie vir my - dit berus nie by my om vir hom te besluit nie, ek kan ook geen beloftes aan

hom/..

hom maak nie. Dit berus by hoër ouoriteit soos byvoorbeeld die Prokureur-generaal. Hy het weer sy rug op my gedraai, hy het deur die venster gekyk. Na 'n ruk het hy vir my gevra om hom 'n pen en papier te gee sodat ek my storie kan skryf. Ek het die kantoor verlaat, paper en 'n pen gaan haal, dit aan hom oorhandig. Hy het gaan sit en hy het begin skryf en ek het die kantoor verlaat.

Nadat u u kantoor verlaat het het u enige iets verder meer met hom te doen gehad? -- Nee, ons het voor die kantoor gestaan vir ongeveer 'n kwartier en luitenant Visser-hulle het opgedaag (10 U Edele. Ek het vir hulle gesê dat die beskuldigde besig is om te skryf. Ek het toe kort daarna het ons - ek het die kantoor saam met Vermeulen verlaat en ek het beskuldigde nie weer gesien nie.

Het u aan hom verduidelik op enige stadium onder watse wetgewing, artikel, onder watter wet hy aangehou word? -- Die terme van sy aanhouding was nooit deur my met die beskuldigde bespreek nie.

En was daar ooit deur u of Vermeulen gesê, - woorde tot dié effek dat hy - "Why don't you talk now" en dat dit beter vir hom sou wees om te praat? -- Nee, ons het vrae aan hom gestel.

En was op enige stadium melding gemaak deur Vermeulen dat hy die "odd job boy" daar in die kantoor is, dat hy die tee maak en dat as hy sou gaan sit sou dit een van sy pligte wees om hom op te tel? -- U Edele, wat wel gebeur het Vermeulen was daardie aand siek hy het 'n abses gehad in sy mond, hy het moeilik gepraat hy het die heel aand met sy hand onder sy wang gesit. Op een stadium het die beskuldigde aan hom gevra wat hy daar doen.

Vermeulen het na hom gekyk en gesê: Ek is maar net die ou tee "boytjie", ek maak die tee en toe het hy op daardie stadium

opgestaan/..

opgestaan en hy het gesê hy gaan nou koffie maak: Wil jy koffie hê? Dit was op daardie stadium wat die beskuldigde geweier het om die koffie te drink deur te sê dat hy drink nie koffie nie.

En was daar ooit aan hom gesê dat hy alleenlik kon gaan sit indien hy bereid was om te praat? -- Nee, ek het hom gevra om te gaan sit en hy het geweier om te sit.

Behalwe die notas van mnr. Van der Hoven wat u daar gehad het het u enige ander lêers gehad? -- Nee, Edele, daar was wel 'n persoonslêer van die beskuldigde het ek gehad wat onderstebo op die tafel gelê het waarna ek op 'n stadium gekyk het. (10)

Sal u net kyk na BEWYSSTUKKE CC en DD asseblief, was hulle in die lêer? "BB" en "CC". -- Nee, Edele, ek het hulle nooit gesien nie.

Ek het geen verdere vrae nie.

KRUIISONDERVRAGING DEUR MNR. WENTZEL: Mnr. Van Wyk die twee koeverte is dit die eerste keer wat u die koeverte gesien het? -- Ek het dit op die - dit was op die oggend van die 25ste.

Wanneer was dit? -- Op die 25ste Oktober ek dink dit was die oggend van die 25ste Oktober.

Dit is nou die Donderdag? -- Ja, Edele, het ek hulle op die tafel van luitenant Visser gesien waar ander offisiere besig was. (20)

Het u geweet watter verband die koeverte gehad het met die ondersoek teen die beskuldigde? -- Nee, ek weet nou nog nie wat die verband daar is nie.

Nou ek wil nie inmeng by die metodes van die veiligheidspolisie maar as 'n persoon ondervra word, natuurlik is dit behulpzaam vir die persoon wat die ondervraging doen om kennis te dra van alles wat die veiligheidspolisie weet van die persoon sodat hy goed uitgevra kan word. -- U Edele, ek was net gevra om sy verbintenis met die ANC na te gaan, dit was al wat aan

my gevra was.

En as die polisie - maar ek vra maar net - as die polisie in besit is van belangrike inligting in verband met die beskuldigde dan is dit behulpsaam vir die persoon wat die ondervraging doen.

-- U Edele ek was nie die enigste ondervraer nie, en ek veronderstel dat ek het my deel gehad en die ander het hulle deel gehad. Ek was nie gemoeid met daardie afdeling nie.

Kolonel Broodryk was in bevel van die saak? -- Sover ek weet U Edele.

En natuurlik u was onder sy bevel. -- Dit is korrek. (10)

En toe hy van Pretoria aangekom het het hy melding aan u gemaak van die inligting wat tot die polisie se beskikking was in verband met beskuldigde. -- Hy het nie.

Wat het u van beskuldigde geweet? -- Al wat ek gevra was Edele is net om vas te stel wat beskuldigde weet van die ANC, sy verbintenis met die ANC. Kolonel Broodryk het glad nie die ondersoek met my bespreek nie.

Ek wil asseblief vra dat u baie baie akkuraat moet wees in dié verband: Al wat u gevra is, is om die beskuldigde uit te vra in verband met sy verbintenis met die ANC? -- Dit is korrek. (20)

Geen verdere besonderhede? -- Ek het geen verdere besonderhede gehad nie.

Van enige aard? -- Nee, Edele.

Enige kennis gedra van die agtergrond van beskuldigde, en waarvandaan hy gekom het? -- O, ek het kennis gedra Edele, ek het hom lank geken.

H-m-m-. Goed. -- Die beskuldigde ken my ook baie goed.

Ja, dit is so. Dit is so, hy ken u baie goed. -- Ek aanvaar dit U Edele.

Ja. -- Ons het baie met mekaar te doen gehad. (30)

Ja, en wat nog, u het kennis gedra van sy agtergrond en u is/..

is gevra net om hom uit te vra in verband met sy verbintenis met die ANC. -- Dis reg, U Edele.

Geen verdere inligting nie? -- Nee.

Van enige aard nie. -- Ek het nie iets anders geweet nie Edele.

Geen inligting van enige bewerings teen die beskuldigde nie.

-- Ek was net gesê dat beskuldigde is besig met ANC bedrywighede.

Net dit? -- Dit is wat ek geweet het U Edele.

Vra hom uit. -- Daarom moes ek hom ondervra oor die ANC.

Ja. Of dit in Rusland was of Egipte of Engeland of Amerika (10 of Suid-Afrika selfs, niemand het u daarvan verwittig nie. --

Geen land is aan my genoem nie, Edele.

En geen inligting van enige aard van watter soort bedrywighede die beskuldigde besig was met die ANC nie? -- Nee, Edele, ek was net gesê die beskuldigde is in verbinding met mense in Londen omtrent die ANC, en..(tussenbei).

O, dit is nou so 'n bietjie meer. -- En ek moet hom vra omtrent die ANC. //

Dit is nou so 'n bietjie meer dit is nie net..(tussenbei). -- Nee, ek dink dit is nog net dieselfde Edele. (20)

O, is dit dieselfde? -- Ja, Edele, in my oog. //

Maar nou is dit met mense in Londen. -- Dit is korrek, soos ek sê ANC bedrywighede.

En met mense in Londen. -- En plaaslik.

En plaaslik. En het u gevra nou vir die persone wat die inligting aan u gegee het: Nou wie was die mense? -- Nee, U Edele, ek weet watter mense..(tussenbei).

Dit is nie nodig vir die doeleindes van 'n doeltreffende ondervraging nie. -- Ek dien 20 jaar op die veiligheidsafdeling waar ek aktief gemoeid is met die ANC en ek weet van die ANC (30 bedrywighede.

Ja. -- Daarom is dit nie vir hulle nodig om vir my te sê van die ANC nie.

Nee, nee die weet ek baie goed. U het nie eers gevra watter persone. U gaan 'n persoon ondervra in verband met sy onderhandelinge met persone in Londen in verband met die ANC en u vra nie eers wie is die persone, kan ek nie 'n naam meld nie. -- Dit is nie vir my nodig nie - om te vra wie..(tussenbei).

Dit is nie nodig nie. -- Nee, dit is nie nodig nie.

U begin maar op die basis dat u geen inligting tot u beskikking gehad het. En dit is nie nodig nie. -- Edele ek (10) het gesê ek het 'n persoonslêer van die besuldigde gehad wat ek bestudeer het.

Wat u wel bestudeer het was ook die verklaring wat hy gemaak het. -- Die..(tussenbei).

Die verklaring wat hy alreeds op - die notas wat alreeds gemaak was. -- Dit is korrek U Edele, wat hy reeds aan Van der Hoven gesê het, daardie notas het ek ook bestudeer.

Maar laat ons net so 'n bietjie akkuraat wees. Die name van die persone met wie hy bemoeid was, u het nie gevra nie. Die aard van sy aktiwiteite, nie eens gevra nie. -- Ek het nie (20) geweet nie.

Niks nie. Om doeltreffend die besuldigde te ondervra. -- Edele, my ondervraging was net 'n voorlopige ondervraging.

Net 'n voorlopige ondervraging. En die koeverte in die lêer nie in u beskikking nie. -- Ek het dit nie gehad nie U Edele.

U sien, ek stel dit vir u dat u dit wel in u besit gehad het, tydens die ondervraging. -- Ek het dit nooit gesien nie Edele.

Nou, mnr. Van Wyk, u was saam met die besuldigde van so om en by middernag tot so om en by hoe laat? -- Ongeveer kwart (30) oor sewe die volgendeoggend, U Edele.

Wanneer/..

Wanneer het hy eers gesit? -- Hy het gaan sit toe ek hom die pen en papier gegee het U Edele.

Nie daarvorens nie? -- Nee, U Edele.

En hoe laat was dit? -- Dit was ongeveer 7 uur, 7 voor-middag.

En daarvorens het hy nooit gesit nie? -- Nee, Edele, hy het op en af in die kantoor gestap.

En verduidelik vir Sy Edele wat daar gebeur het? Hy het uitge-gevra, wat moet 'n persoon doen as hy in die moeilikheid is, en u het vir hom gesê u kan nie beloftes maak nie en toe vra hy vir 'n pen en papier. -- Nee, Edele, hy het eers sy rug op my gedraai en deur die venster gestaan en kyk.

En toe? -- Nadat hy 'n hele rukkie deur die venster gekyk het het hy omgedraai na my toe, en hy het vir my gesê: Gee my pen en papier sodat ek my storie kan skryf.

En toe kry u vir hom die pen en papier? -- Toe het ek die papier en die pen gaan haal en aan hom oorhandig. 16

En hy het nog gestaan toe u teruggekom het? -- Ja, U Edele hy het toe gaan sit toe ek dit aan hom oorhandig het het hy gaan sit en hy het toe begin skryf. (20)

En hoe laat was dit? -- Dit was ongeveer 7 uur.

Met ander woorde hy het gestaan in u teenwoordigheid vir so om en by sewe uur? -- Dit is korrek U Edele, hy het op en af geloop en gestaan in die kantoor maar hy het nooit gesit nie.

Hy het nooit 'n klagte gemaak? -- Nee, Edele, hy het nie gekla nie.

Gesê dat sy bene so 'n bietjie seer is. -- Hy het nooit gekla nie.

Of sy voete. -- Hy het nooit oor niks gekla nie.

net gestaan? -- Dit is korrek, net gestaan en geloop. (30)

Het u vir hom enige waarskuwing gegee, dat dit nie nodig

was/..

was om vrae te antwoord nie? -- Nee, Edele, ek het hom geen waarskuwing gegee nie.

✓ En terwyl hy daar gestaan het en die vrae aan hom gestel is, het hy so 'n paar van die vrae geantwoord en in verband met die organisasies net sy skouers opgetrek? -- Korrek Edele, net sy skouers opgetrek, sy kop laat sak, geglimlag, verder geen reaksie nie. 3

Met ander woorde die vrae wat hy geantwoord het was nie baie belangrik nie, die belangrike vrae en die doelstelling van die ondervraging met ander woorde die organisasies veral die ANC dié het hy geweier om te antwoord? -- Dit is heeltemal korrek, Edele. 12

✓ En die inligting wat hy verstrek het voordat hy begin skryf het was nie baie belangrik nie. -- Dit was heeltemal onbelangrik.

Die belangrike dinge het hy tot homself gehou? -- Dit is korrek.

Em dié wou hy nie antwoord nie. -- Nee, U Edele.

En u was nie in besit van die koeverte nie. -- Nee, Edele, ek was nie.

U kon nie die koeverte aan hom getoon het nie om hom so 'n bietjie bang te maak nie? -- Nee. 20

En u het nie inligting teen hom gehad nie, net geweet u moet hom uitvra. -- Ek het wel inligting teen hom gehad. Ek het wel inligting teen hom gehad, die wat ek in sy lêer gelees het en dié wat ek op die notas gelees het.

Ja. Maar die belangrike vrae het hy maar net geweier. -- Dit is korrek, Edele.

En dan, 7-uur skielik, sê hy: Ek is in die moeilikheid en wat moet 'n mens doen as hy in die moeilikheid is. -- Dit is wat gebeur het U Edele. 30

Ja. En tot op die stadium nie 'n woord van enige belang, belangrike/..

belangrike aard uit sy mond nie. -- Nie tot op daardie stadium nie, Edele.

Nou hy gee nie inligting aan die polisie wat belangrik is nie, hy is alreeds gewaarsku dat dit nie nodig is dat hy vrae moet antwoord nie en so skielik 7-uur in dieoggend, dan sê hy: Ek is in die moeilikheid. -- Dit is korrek, Edele, dit is wat gebeur het.

En daar was nie inligting wat hy gegee het wat getoon het dat hy in die moeilikheid was nie. -- Deur sy voorkoms het hy getoon dat hy bekommerd is maar hy het niks gegee wat hom in die moeilikheid kon bring nie.

En daar was nie enige dwang op hom nie? -- Nee, Edele.

Maar hy het besluit: Ek is in die moeilikheid, gee my so 'n bietjie raad. -- Ek weet nie hoekom hy gevra het nie, wat sy besluit was nie.

Ja, en liewer u as sy eie prokureur. En beter u as sy eie prokureur. Hy vra u vrae. -- Dis korrek.

Die persoon wat hom ondervra, en die persoon wat van die polisie is en hy is in die moeilikheid met die polisie maar hy vra nie om sy prokureur op te bel nie, hy vra die raad van die polisie. -- Dit is korrek, dit is wat hy aan my gevra het.

THE COURT ADJOURNS FOR LUNCH

THE COURT RESUMES AFTER LUNCH ON 22 MAY 1980.

JACOBUS PETRUS FREDERICK VAN WYK (nog onder eed):

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. WENTZEL: Mn. Van Wyk, vanaf so om en by 12-uur in die aand tot so om en by 7-uur in dieoggend u was besig om die beskuldigde te ondervra nie waar nie? -- Dit is reg.

Hy was nie verplig volgens u om die vrae te antwoord nie.

-- Nee, Edele.

En al die belangrike vrae hy het geweier om te antwoord.

-- Heeltemal korrek. (10)

Skouers opgelig, opgetrek, so 'n bietjie geglimlag, is dit so? -- Dit is korrek.

Nou hoe sal u sy houding beskryf, was hy so ietwat parmantig is dit 'n goeie woord vir hom? -- Ek sou nie sê parmantig nie, ek dink dit is meer uitlokkend.

~~Uitlokkend?~~ -- Ja. (15)

Om - hoe het hy u uitgelok, om meer vrae te stel, of om hom aan te rand, of wat? -- My ondervinding is dat dié mense probeer jou altyd uitlok om hulle aan te rand.

O, hy wou u uitgelok het om hom aan te rand. -- Dit is die afleiding wat ekgemaak het. (20)

En wat het hy gedoen? -- So wanneer ek die vrae aan hom stel, nie te reageer daarop nie behalwe net sy skouers op te trek en te lag vir my.

En lok dit u uit om hom aan te rand? -- Tot 'n mate, ja Edele. (25)

Tot 'n mate. -- Ja.

En maar dan het u..(tussenbei). -- Dit mag die ondervraer kwaad maak en hy mag verder gaan, hy mag sy humeur verloor en hy mag byvoorbeeld die aangehoudene 'n klap gee of iets. (30)

Ja, maar dit gebeur nooit met u nie? -- O, hulle het my al baie/..

baie uitgelok, U Edele.

Baie uitgelok. -- Dit is reg.

Maar nooit - maar altyd selfkontrole gebruik? -- Jy kry baie snaakse reaksies van dié mense, ek kan talle voorbeeld aan die Hof noem ter inligting.

Ja, maar laat ons nou so 'n bietjie duidelikheid kry. Hier is 'n persoon, hy is nie verplig om vrae te antwoord nie, hy het die vrye keuse om nie vrae te antwoord nie. Is dit so? -- Dit is korrek, Edele.

Maar as u vir hom vrae stel en hy weier dan word u uitgelok (10 om hom aan te rand. Hoekom is dit? -- Ek sou nie sê ek word uitgelok nie ek sê dit is moontlik dat hy my uitgelok het om verder te gaan.

U voel - maar u voel uitgelok? -- Want dit kan wees dat die ondervraer kwaad word soos ek reeds aan die Hof gesê het.

Maar u voel uitgelok? -- Tot 'n mate, ja.

Om 'n persoon aan te rand wat net sy vrye keuse uitoefen om nie die vrae te antwoord nie, is dit so? -- Dit is korrek.

En kon die persoon dit gesien het dat u so 'n bietjie uitgelok voel om hom aan te rand? -- Ek weet nie wat die beskuldigde kon(20 gesien het nie.

Hoe lyk u as u uitgelok is, so 'n bietjie kwaad? -- Ek het my nog nooit in 'n spieël gesien wanneer ek uitgelok word nie so ek sal nie weet hoe ek presies lyk nie.

Maar u voel so 'n bietjie uitgelok en hoe lyk u, dink u? So 'n bietjie kwaad? -- Ek voel 'n bietjie opgewonde.

So 'n bietjie opgewonde. Praat 'n bietjie hard. -- Moontlik.

En waarsku die persoon wat u uitlok dat dit nie hom sal help nie om te weier om die vrae te antwoord? -- Nee Edele, dit is nie nodig nie. (30

Ekskuus, dit is nie wat? -- Nee, Edele.

Dit/..

Dit is nie nodig het u gesê? -- Nee, Edele.

Het u gesê dit is nie nodig nie? -- Ek herhaal vir die vierde keer U Edele, nee.

U het nie gesê dit is nie nodig nie? Dit is nie wat u gesê het nie? -- Ek het gesê dit was nie nodig vir my om hom te waarsku nie, Edele.

Goed. Nou, as hy vir u gesê het: Nou luister, ek wil nie vrae antwoord, ek wil nou teruggaan na die sel toe, wat sou u gedoen het? -- Ek sou hom nie teruggeneem het nie, Edele.

Hoekom nie? -- Ek sou hom verder ondervra het. (10)

Alhoewel hy die vrye keuse gehad het om nie die vrae te antwoord nie? -- Ja, U Edele. 12

Watter soort vrye keuse is dié? -- Wel, hy het wel die volgendeoggend het hy ingewillig uit sy eie wil uit om 'n verklaring af te lê.

Uit sy eie wil, maar na hoe lank? -- Wel, omtrent sewe ure.

Ja. Dit is eie wil. -- Ek aanvaar dit so, Edele.

Nadat hy die hele aand gestaan het. -- Dit is korrek, Edele.

En dit is nog eie wil? -- Ja, U Edele, ek beskou dit so (20) ek het hom nie gedwing nie.

Nie gedwing nie. Nou toe u daar aangekom het so om en by twaalf uur het u vir die ander lede van die Mag gegroet of wat? -- Ek het hulle net naand gesê U Edele. 23

Naand gesê. -- Dit is korrek.

En hulle? Wat het hulle gesê? -- Hulle het my ook teruggegroet.

Naand wat? Naand, Spyker? -- Edele, ek kan nie onthou nie ek word daagliks "Spyker" genoem ek kon nie onthou of hulle my op daardie stadium "Spyker" genoem het of nie want ek word daagliks (30) aangespreek as Spyker.

Hello, Spyker? Gewoonweg as "Spyker"? -- Deur al die lede van die personeel.

En wat is snaaks as iemand vir u gesê het: Hier kom Spyker? -- Ek sien daar niks snaaks in nie.

Nou ontken u dat een van die lede van die Mag gesê het toe u aangekom het: "Hier kom Spyker"? -- Ja, U Edele ek ontken dit want ek sien nie die nodigheid waarom hulle dit sou gesê het nie. Toe - soos ek aangekom het na die kantoor toe kon niemand my sien aankom want die eerste wat die lede my kon opgemerk het is toe ek in die deur verskyn waar hulle gesit het. (10)

Ja, en toe u ingekom het? -- Dit is toe ek by die deur inkom.

Ja? -- Dit is 'n baie klein kantoortjie.

En dan hoor hulle vir jou? -- Hulle het my gesien.

En hulle sien dit is Spyker? -- Dit is korrek, U Edele.

Nou wat was snaaks dat iemand gesê het: "Hier kom Spyker"? -- Wel, ek sien niks snaaks daaromtrent nie.

Natuurlik nie. Nou kan u dit ontken, dat iemand gesê het: "Hier kom Spyker"? -- Ek ontken dit baie beslis, U Edele.

Hoekom? -- Omdat dit nie gebeur het nie. (20)

U kan dit onthou? -- Ek kan dit onthou dat dit nie gebeur het nie.

Alhoewel word u daagliks by die naam "Spyker" genoem, die mense het jou gegroet daar, u het "naand" gesê maar u kan ontken nogtans dat iemand gesê het: "Hier kom Spyker". -- As hulle my naandgesê het Edele, kan ek nie sien hoekom moet hulle nog daarbyvoeg: "Hier kom Spyker" nie.

Eksien. Noudieselde persoon wat - u beskrywe dit as 'n persoon wat u uitgelok het en van die ander lede van die Mag beskrywe dit as 'n parmantige persoon, hy is 'n persoon wat tee gemaak het vir die polisie by sy woonstel. En baie ordentlik opgetree het. -- Ek (30)

is nie daarvan bewus nie, Edele.

En baie ordentlik opgetree het, baie hoflik opgetree het vir die polisie. -- Ek is nie daarvan bewus nie Edele.

U is nie daarvan bewus nie. Nou wanneer het u gearriveer in Pretoria? -- Sondagaand ongeveer half-ses Edele.

En wanneer het u 'n verklaring afgelê? -- O, dit is ongeveer twee maande gelede.

En u het nie nog 'n verklaring gemaak nie? -- Ek het net een verklaring gemaak U Edele.

Net een verklaring. Was u bewus van die feit dat beskuldigde(1 vir majoor Acker gesê het: Hy word aangehou volgens Artikel 6?

-- Ek het toe ek op 'n latere stadium 'n fotostatiese afdruk van beskuldigde se verklaring gesien het opgemerk dat dit daar staan.

En wanneer was dit? -- "Ek word aangehou Artikel 6".

En wanneer was dit? -- Ek dink dit was op die 25ste of die 26ste Oktober.

Voordat hy vertrek het? -- (Mnr. Wentzel gaan voort).

Na Johannesburg toe? -- Ek weet nie wanneer die beskuldigde vertrek het nie, na ek hom daar die oggend gelos het in die kantoor het ek hom nooit weer gesien nie. (20)

Het u hom uitgevra in die verband? Hoekom hy gesê het hy word aangehou volgens Artikel 6, het u hom vrae gestel? -- Ek kon hom nie - ek het hom nooit gesien nie Edele, ek kon nie daardie vrae aan hom gestel het nie.

Nooit gesien nie, en nie nodig geag om vrae te stel nie. Waarvandaan kom die Artikel 6? -- U Edele, nadat ek die oggend hom daar gelaat het in die kantoor ek het hom nooit weer gesien nie en die verklarings afgelê in my afwesigheid nadat ek daar weg is ek het nooit - ek het eers agterna gehoor die beskuldigde het 'n verklaring voor 'n Vrederegter afgelê. (30)

En toe u die afskrif van sy verklaring gekry het, het u

gesien/..

gesien hy het melding daarvan gemaak van Artikel 6 en ook van die feit "I was made to stand all night". -- Ek het dit opgemerk U Edele.

En in die verklaring wat u toe gemaak het het u melding daarvan gemaak van wat wel daar gebeur het en dat die verklaring van die beskuldigde onwaar is? -- Nee, ek het nie nodig om in my verklaring beskuldigde se verklaring te ontken nie, ek het net daar ingeskryf wat die nag gebeur het.

Net wat daar gebeur het? -- Ja.

En die feit dat hy nie gedwing was om te staan of enige iets van dié aard? -- Ja, Edelbare ek het daar gesê dat hy geloop het die heel nag. (10)

En u is na Pretoria toe om getuenis te gee in die saak.
-- Dit is korrek Edele.

Volgens u eie verklaring. En u was saam met majoor Acker en die ander lede van die Mag wat van Kaapstad af gekom het. -- Dit is korrek, ons het saam gereis.

En majoor Acker het aangekom na Pretoria toe om getuenis af te lewer in verband met die Kaapstadse verklaring nie waar nie?
-- Dit is korrek. (20)

Dit was sy betrokkenheid in die saak. -- Dit is korrek.

Mnr. Van Wyk, het u vir die beskuldigde gesê dat dit hom nie sal help nie om te weier om die vrae te antwoord nie. -- Nee, Edele.

Hoekom nie? -- Dit was nie nodig om dit te sê nie.

Alhoewel hy geweier..(tussenbei). -- 'n Persoon word alleenlik verplig om 'n verklaring af te lê as hy onder Artikel 6(1) aangehou word en ek was bewus dat hy nie onder daardie artikel aangehou word nie.

Met ander woorde, onder Artikel 6 was hy verplig, maar onder Artikel 50 nie? -- Edele onder Artikel 6 word hy verplig (30)

om alle vrae te antwoord voordat hy vrygelaat kan word.

En onder Artikel 50 nie? -- Nee.

Maar nogtans het u aangehou vir sewe uur om vrae te stel aan 'n persoon wat nie verplig was nie en geweier het. -- Dit is korrek.

Het u nie vir hom gesê: "You all talk in the end, they all talk in the end" of woorde tot dien effekte? -- Nee, ek het nie.

"You are just torturing yourself". -- Nee.

Dit is alles stories wat beskuldigde opgemaak het. -- Ag (10) dit is welbekende stories daardie Edele.

O, dit is welbekend. -- Alle aangehouenes gebruik daardie stories.

Ja. Hulle maak valse beskuldigings teen die Mag? -- Ja, dit is stories wat hulle altyd gebruik om die veiligheidspolisie te diskrediteer.

Ja, en hulle staan heel aand..(tussenbei). -- Ek kan talle voorbeeldne noem.

(1) Hulle staan heel aand totdat die voete opgeswel word, net om valse betuigings te maak teen die polisie. -- Dit is wat hulle (20) gewoonlik doen om dit te gebruik as 'n verskoning. Ek kan talle voorbeeldne noem. (1) (2)

Gewoonweg gedoen. Ja. En die rede hoekom beskuldigde dit gedoen het is om 'n verklaring te gee om 'n verduideliking te gee van hoekom hy 'n verklaring gemaak het wat hy nie verplig was om te maak nie. -- Ek weet nie vir watter doel die beskuldigde dit gedoen het nie.

'n Snaakse ding, nie waar nie? Hy was 'n stoel aangebied.. (tussenbei). -- Jy kry alle soorte eienaardighede in hierdie geval U Edele, ek het 20 jaar ondervinding daarvan. (30)

Ja, baie eienaardig. H-m-m-. Ek weet dit. Hy was 'n stoel aangebied/..

aangebied, hy staan nie waar nie. Hy is onhoflik behandel. Hy is so 'n bietjie parmantig of hy gee - hy bied nie "co-operation" aan die polisie nie hy weier om vrae te beantwoord. En die volgende dag na die heel aand wat hy gestaan het, dan gaan hy dokter toe - dan gaan hy na majoor Acker toe en hy maak 'n valse verklaring teen die polisie. -- Ek sê nie hy het 'n valse verklaring gemaak nie.

Nee, vals in dié sin dat hy beskuldig die polisie dat hulle hom gedwing het om op te staan die hele aand. -- Ek het erken in die Hof dat ons hom die heel nag laat staan het. (1)

Ja. -- So ek beskou dit nie as vals nie.

Maar dat hy gedwing was, dié is vals. -- Hy was beslis nie gedwing nie.

Maar nogtans gestaan totdat sy voete opgeswel het. -- Ek weet nie of sy voete geswel was nie, hy het nooit aan my gekla nie Edelbare hy het nooit aan my iets gewys van sy voete nie.

Nooit gekla nie. En mnr. Vermeulen hy wel melding daarvan gemaak het dat hy die "odd-job boy" is of woorde tot dien effekte. -- Hy het nooit daardie woorde gebruik nie Edele, hy het net gesê hy is net die man wat die koffie maak, dit is al. (2)

Nooit daardie woorde gebruik nie? -- Nee, Edele.

Wel, volgens jou getuienis het u melding daarvan gemaak dat hy homself beskrywe het as "odd-job boy". -- Dit is korrek Edele hy het gesê hy maak die tee daar. Toe beskuldigde vir hom vra wat maak hy daar het hy gesê hy maak maar net die tee en die koffie.

Mnr. Van Wyk, in u hoofgetuienis het u vir Sy Edele gesê dat mnr. Vermeulen homself beskryf het as 'n "odd-job boy". -- Ek kan nie onthou dat ek daardie woorde "odd-job" gebruik het nie.

Het u dit gebruik? -- Ek kan nie dit onthou dat ek dit gebruik het nie, Edele. (3)

Ja, as u dit gebruik het was dit korrek? -- Ek kan nie die presiese/..

Collection Number: AD2021

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.